

PINKSTER 2009



**“OPREG EN BEREIDWILLIG”:
NAGEDINK OOR CALVYN EN
DIE HEILIGE GEES**

INHOUD

- 1. Nagedink oor Calvyn en die Heilige Gees** – Dr Gideon van der Watt (NG Kerk Vrystaat – Sekretaris vir Getuienis)
- 2. Johannes Calvyn sê ja, bereidwillig en opreg: 'n lewensbeeld** – Ds Jan Lubbe (NG Kerk Berg en Dal)
- 3. Calvyn en spiritualiteit** – Prof Rian Venter (NGK Fakulteit Teologie – Universiteit Vrystaat)
- 4. Drie-eenheid, Christus en Gees – Johannes 16:5-15, 33** – Ds Molefi Lenkoane (NGKA Botshabelo)
- 5. Christus gee sy Gees en les ons diepste dors – Johannes 19:28-30** – Dr Charles Mitchell (NG Kerk Heuwelkruin)
- 6. “Uniek is eksentriek” – die skeppingswerk van die Gees – Genesis 1:1-2 en 2:7** – Ds Martin Laubscher (NG Kerk Heuwelsig)
- 7. Die Heilige Gees en ons heiligheid – Romeine 8:1-17** – Ds Tsheliso Monyatsi (VGKSA Botshabelo)
- 8. Kerk as tempel van die Heilige Gees – 1 Korintiërs 3:16** – Ds Maniraj Sukdaven (RCA – Fakulteit Teologie, UV)
- 9. Heilige Gees, waarheid en versoening – Johannes 14:15-27** – Ds Joseph Pali (NGKA – Fakulteit Teologie, UV)
- 10. Die Heilige Gees en die eenheid van die kerk – Efesiërs 4:3-4** – Dr Dawid Kuyler (Kapelaan, VGKSA Vrystaat)
- 11. Die Heilige Gees en ons aanbidding - Romeine 8:18 -27** – Ds Jan Lubbe (NG Kerk Berg en Dal)
- 12. Die Gees en ons getuienis – Handeling 4:23-31 [31]** – Prof Pieter Verster (NG Kerk – Fakulteit Teologie, UV)
- 13. Die Heilige Gees: Toekoms, hoop en vreugde – Efesiërs 1:13-14** – Ds Deborah Murley (St James Church of England in SA)

1. NAGEDINK OOR CALVYN EN DIE HEILIGE GEES

1. Pinkster is die seisoen van 50 dae wat strek vanaf Paassondag tot met Pinkstersondag. In hierdie tyd gedenk ons nie net die opstanding van Christus nie, maar ook hoe die Heilige Gees Christus se verlossingswerk, sy oorwinning oor die dood en sy opstandingslewe, in ons lewens 'n werklikheid maak. Dit is die Gees wat hierdie heil bemiddel. Dit is die Gees wat ons in staat stel om die heilswerk van Christus in die geloof toe te eien. En dit is die Gees wat ons toerus en meeneem om die heil verder die wêreld in te dra. So maak die Gees ons deel van die liggaam van Christus en deel van die voortsetting van Christus se werk hier op aarde, totdat Christus deur sy Gees alles volbring.

Soos die Pasga, was ook Pinkster oorspronklik 'n Joodse fees: die fees van die weke, waar die "gawe ... uit die eerste opbrengs van die oes" (Lev 23:15-21) ingebring is. Dit is ook gekoppel aan die ontvangs van die Wet vanaf die berg Sinai. So is die Gees op Pinkstersondag as eerste gawe ontvang, as die Gees wat ons in alle waarheid – die waarheid van die Skrif – sou lei. Die Heilige Gees wat in ons kom woon het, is tegelyk die Gees van God en die Gees van Christus (Rom 8:9).

Die bedoeling is dat ons in hierdie 500ste herdenkingsjaar van Calvyn se geboorte opnuut sal nadenk oor Calvyn as die teoloog wat hom by uitnemendheid besig gehou het met nadenke oor die werk van die Heilige Gees. Dit is deur die Heilige Gees wat ons, so het Calvyn dit as sy slagspreuk verwoord, "*opreg en bereidwillig*" gemaak word in ons roeping in die wêreld. Hieroor wil ons graag nadenk, en dan juis met die oog op die tyd waarin ons woon.

2. Calvyn dink oor die Heilige Gees natuurlik vanuit die belydenis oor die Drie-eenheid. Hy was egter baie bang daarvoor dat die Drie-eenheid op enige manier as drie afsonderlike persone – 'n triteïsme – verstaan sou word. Hoewel hy die formulering "drie persone in een wese" aanvaar het, was hy huiwerig om te praat van drie afsonderlike, selfstandige "persone". Vir hom was die Heilige Gees eerder die *krag van God*, en dus die handelende God self. In die Heilige Gees het ons met die Persoon van die lewende en handelende God self te make. Die oorsprong van alles wat God doen, is by die Vader, maar Hy doen dit deur die Woord (Christus) en deur die werking van die Gees. Die Vader en die Seun doen niks wat nie deur die Gees gebeur nie. Alles wat die Vader en Seun doen, in die skepping, die herskepping en die voleinding, word dus toegepas en werklikheid gemaak deur die werk van die Gees. Dit kan lyk asof dit 'n beskeie rol toeken aan die Heilige Gees, asof die Gees geen selfstandige taak het nie. Maar in werklikheid ken dit juis aan die Heilige Gees 'n baie breë werksaamheid toe – alles is eintlik die werk van die Gees! Dit gaan veel verder as net die bemiddeling en toeëiening van die heil in die individu. Die Gees het 'n kosmiese werking, in die skepping en herskepping, in die natuur en kultuur, die politiek en die geskiedenis. Daarom handel die grootste deel van Calvyn se teologiese besinning oor die werk van die Heilige Gees (*Institusie* Boek 1, Hfst xiii).

3. Hoewel ons God uit sy werke behoort te herken, is ons sondige oë en harte daarvoor te verduister. Ons kan God dus alleen werklik deur sy geopenbaarde Woord ken. Hierdie Woord is opgeteken onder leiding van die Heilige Gees; dit is deur die Gees geïnspireer. En dit is alleen die Heilige Gees wat ons oortuig van die gesag van hierdie Woord, wat die Woord lewend kan maak en in ons harte kan beseël (*Inst* Boek 1, Hfst xiii). Die Gees skep dus die moontlikheid om God te ken, in 'n intieme en direkte verhouding. Maar dit geskied deur die Woord. Daar is 'n onverbreeklike band tussen die Gees en die Woord. Wat die Gees doen, wat deur die Gees aan ons toegesê word, dit geskied alleen deur die Woord. Dit is die Gees wat deur die Woord die ontmoeting met God in die erediens bemiddel. Daarom staan die Woord sentraal in ons erediens en is 'n intieme eenheid en gemeenskap met God in ons aanbedding moontlik. Deur die Woord troos die Gees, lei die Gees, rus die Gees ons toe, gee die Gees krag en heling, vrede en vreugde, ware hoop en egte rus.

Wat in die Woord geopenbaar en deur die Gees in ons harte bemiddel en verseël word, dit is genoeg. Dit is die volle heil. So word die Woord self heilsmiddel in die hande van die Gees. Juis dit maak die werk van die Gees so belangrik, want dis die Gees wat die Woord gebruik om die mens onweerstaanbaar tot die heil te roep, wat die mens se hart oopmaak vir die heil, wat die geloof in die

mens wek, en dan van die mens 'n nuwe skepsel maak, begunadig, heilig en regverdig, versoen met God.

4. Die Heilige Gees is egter nie net werksaam in die heilsbemiddeling en toeëiening in die mens nie. Daar is ook 'n kosmiese werking van die Gees. Die Gees is die Skeppergees. Reeds by die skepping van alle dinge was die Gees werkend teenwoordig. In die begin het die Gees van God oor die "afgrondelikheid" en die "vormloosheid" van alle stof gesweef, dié ongevormde massa "gekoester" en tot "skoonheid" omvorm en omskep. En dis alleen deur die krag van die Gees van God dat hierdie skoonheid van die wêreld behoue bly, ondanks die uitwerking van die sondeval daarop. Dit is deur die krag van die Gees wat alles onderhou word, die bewuste en onbewuste lewe in die hemel en op die aarde. Die Gees se werk ken dus geen grense nie, want deur sy krag "in alles over te storten, alles het wezen, het leven en de beweging inblaast, iets wat geheel en al de werk van God is", word alles onderhou en tot voltoëring gebring (*Inst* Boek 1, Hfst xiii).

5. Deur die bemiddeling van die heil in Christus omskep die Heilige Gees ons as gelowiges in die tempel van God, 'n tempel waarin die Gees woon. Deur die werking van die Gees word die kerk versamel en opgebou. Aan die kerk gee die Gees gawes, heilsmiddele, die Woord en die sakramente, maar die Heilige Gees gee ook die ampte (leraars en dienaars), die orde en die tug van die Christusregering. Daardeur skep die Gees éénheid onder die een Hoof, Christus Jesus: "in waarheid één geworden, daar ze door één geloof, hoop, liefde, en door dezelfde Geest Gods te zamen leven, geroepen niet alleen tot dezelfde erfenis des eeuwigens levens, maar ook tot de gemeenschap aan de éne God en Christus" (*Inst* Boek 4, Hfst i). Hierdie een katolieke kerk word geroep om onder leiding van die Gees openlik te getuig van Christus, in die wêreld, maar veral ook teenoor die burgerlike owerheid en alle ander magte wat in hierdie wêreld aan die werk is. Hiervan was die bediening van Johannes Calvyn, die pastor van die ontheemde vlugtelinggemeente, wat so diep begaan was oor die nood van armes en die sosiale onreg van sy dag, 'n sprekende voorbeeld.

6. Met die temas van hierdie Pinksterreeks wil ons graag, saam met ander kerke oor die wêreld heen, verder nadink oor Calvyn se nalatenskap, spesifiek dan sy nadenke oor die werk van die Heilige Gees. Hierdie Pinksterreeks sluit nou aan by die temas van die Week van Gebed wat in Januarie vanjaar behandel is. Dit poog om leraars te stimuleer tot verdere nadenke met die oog op die voorbereiding vir Pinkster. Sal dit nie goed wees as leraars van verskillende kerke saamkom om saam hieroor te besin nie! Daarom het ons ook verteenwoordigers van verskillende susterkerke – wat op een of ander wyse bande met die Fakulteit Teologie van die Vrystaatse Universiteit het, gevra om die verskillende temas te behandel, elk met 'n eie styl en benadering. Ons behoort dus op een of ander wyse almal hierby aansluiting te kan vind.

(Dr Gideon van der Watt – Getuieniskantoor NG Kerk Vrystaat)

(Nms Taakgroep vir Pinksterreeks van Algemene Diensgroep Diens en Getuienis)

2. JOHANNES CALVYN SÊ JA, BEREIDWILLIG EN OPREG: 'N LEWENSBEELD

Cor meum tibi offero domine.

Die briëfskrywer het sy pen neergesit. Doen hy die regte ding? Mag God my help om by my besluit te bly, het hy gemymer. Geruime tyd al sedert hulle hom gevra het om terug te kom na Genève, sê hy nee. Die mense daar sal weer nie met my regkom of ek met hulle nie. Moet ek terugkeer na daardie kruis in Genève om 'n duisend keer 'n dag te sterf? Moet ek vir 'n pad terug na die hel soek? En tog, erken hy, hoe langer ek teen die roepstem protesteer, hoe meer agterdogtig raak ek oor myself. Daarom dat hy uiteindelik, in die somer van 1541, wanneer hulle by hom bly aandring, antwoord:

As ek kon kies, sou ek nie na jou luister nie. Maar aangesien ek weet dat ek nie my eie meester is nie, gee ek my gewonne en offer my hart aan die Here.

Johannes Calvyn was skaars twee-en-dertig jaar oud toe hy dit aan sy lewensvriend, Guillaume Farel, geskryf het. Sy brief is versend uit Straatsburg, wat drie jaar vantevore sy tuiste geword het toe hy uit die einste Genève moes vlug! Waarom sou hulle hom nou terug wou hê? En sou dit 'n einde bring aan al sy omswerwinge sedert hy agt jaar vantevore net so opgejaagd uit sy vaderland – Frankryk – moes vlug? Boonop was dit ook nie die eerste keer dat hy beleef het, dat God sy lewe in 'n ander rigting stuur as wat hyself beplan of waar hy graag sou wou wees. Tóg was hy oortuig dat daardie Roepstem inderdaad sy lewe rig, elke keer. Daarom antwoord hy aan Farel: Ja, ek sal terugkom na Genève.

Cor meum tibi offero domino. Prompte et sincere.

Wie was dié Fransman, Johannes Calvyn?

1. “Skrywer uit Noyon”, vroeër van Parys en nou in Basel

Met sy eerste aankoms in Genève, word daar in die raadsnotules van die stad gewoon na “die Fransman” verwys. So sou hy aan homself ook dink, daar waar hy as vlugteling in die vreemde sit, biddende vir sy vaderland, die Franse Ryk en haar “grote, magtige en Christelike koning Frans.” Altans, dit is die woorde waarmee Johannes Calvyn sy bekendste werk – die *Institusie, Onderwysing in die Christelike Geloof* – aan die Franse koning gestuur het. Hierdie *Institusie* was maar nog 'n klein boekie wat in 1536 in Basel (Switserland) verskyn het. Veelseggend egter, is die nota op 'n binneblad waarmee die skrywer bekendgestel is: “skrywer uit Noyon.”

Jean Cauvin is op 10 Julie 1509 in Noyon, Frankryk gebore – vanjaar, vyfhonderd jaar gelede. Noyon was 'n klein dorpie in die landelike Picardië, in die noorde van Frankryk, met 'n pragtige katedraal. Gérard Cauvin, sy vader, het as regsgeleerde in Noyon gewerk en was ook verantwoordelik vir die geldsake van die katedraal – 'n kontak wat 'n deur sou open vir die aanstelling van sy jong seun as kapelaan (met al die finansiële voordele daarvan!) in die kapelkerk in Lyon. Sy moeder, Jeanne Lefranc, was 'n pragtige, vroom vrou wat haar lewe aan haar kinders gewy het. Haar vroeë dood in 1515, toe haar tweede seun Jean ses jaar oud was, was vir hom 'n enorme verlies. Sou die kerk as moeder kon instaan? Tussen sy vader Gérard en die Katolieke Kerk het 'n breuk gekom, sodat dié in 1528 geëkskommunikeer is en hy sy seun sou aansê om liever regte te studeer in plaas van teologie. Twee jaar later het Gérard siekgeword en is hy in Mei 1531 oorlede. Op twee-en-twintigjarige leeftyd is die jonge Calvyn wees agtergelaat.

Hy was 'n uitnemende student, hardwerkend en skerpsinning, met 'n besondere vermoë tot helder formulering. Ná die dood van sy vader, keer hy terug na Parys en sy studie van die eerste liefde – die klassieke tale, teologie en filosofie, dié keer aan die College Royal. Teen hierdie tyd het hy ook al sy naam laat verlatiniseer: Jean Cauvin het Ioannis Calvinus geword. Hy raak bevriend met Etienne de la Forge en Jacques Lefèvre d' Estaples wat hom aan die humanistiese- en reformatoriese gedagtegoed van Desiderius Erasmus en Martin Luther bekendgestel het. Iewers in 1532 beleef hy onverwags 'n “bekering tot 'n groter leersaamheid”, sou hy in die voorwoord van sy Psalm-

kommentaar onthou. Vir hom het bekering 'n oopgaan vir die evangeliese vryheid beteken; van verlossing uit die vrees vir 'n toornige Regter. Hy skryf: God het my in sy groot ontferming ontvang en die eindelose skat van sy genade vir my oopgesluit – 'n nuwe Vader! Aan Hóm is ons oneindige dankbaarheid verskuldig. En aan die kerk as moeder, respek en toewyding (*ecclesiae reverentia*). Dit was dus vir Calvyn 'n wrede ontnugtering toe hy aan die einde van 1533 vir sy lewe moes vlug uit Parys, met die dood bedreig deur die teoloë en kerkleiers van die dag!

Dit het só gebeur: as jong rektor van die Sorbonne in Parys, het Nicolaas Cop op 1 November 1533 die openingsrede van hierdie universiteit gelewer. Sy teks was dié voorgeskryf in die kerklike leesrooster vir daardie dag: "Salig is die wat arm van gees is" (Matt 5:3). In sy toespraak, wat grotendeels deur sy vriend Calvyn geskryf is, het Cop die essensie van die Christelike geloof uitgelig: verlossing en vryheid buite enige verdienste om, alleen uit Gods genade. Dié wete bring verkwikking van die Heilige Gees en rus van alle lewensorge; dit maak van mense ware vredemakers en maak hulle bereid om vervolging ter wille van geregtigheid te dra. "Waarom sou ons dus so saggies loop en nie veel eerder ronduit die waarheid praat nie?" Nee, ons moet God vir donker tye dank en met vaste oortuiging en moed volhard, deur sy Gees gesterk en met die Woord as enigste verweer! Alhoewel Cop se toespraak redelik gunstig ontvang is aan die verligte Sorbonne, was die reaksie van kerklui fel daarteen. Teen daardie tyd het daar al in Parys brandstapels vir sulke ketters gerook! So bevrees was Calvyn, het hy later geskryf, dat hy eerder sou wou sterf as om onder dié lewensbedreiging te moet leef. Binne weke het hy en Cop uit die stad gevlug – Calvyn, eers na Angoulême en toe na Basel, die stad waar Erasmus geleef en gesterf het. Onderweg het Calvyn ook sy geboortedorp Noyon aangedoen, om sy kapelaanskap en die finansiële voordele daarvan te gaan neerlê. En langs die pad, in die veld, vir klein groepies evangeliese Christene gepreek. Die Reformasie in Frankryk het begin. Maar die Roomse Inkwisisie het op "die Fransman" se spoor gebly. Aan 'n vriend gee hy in 1534 die advies: Moenie te ver vooruit probeer kyk nie, leef daagliks uit die hand van die Here – Hyself sal aan ons 'n "rustige nes" gee om te oornag.

Dit was één van die redes waarom Johannes Calvyn sy *Institusie* aan Koning Frans gestuur het. As vlugteling het hy al in Angoulême aan hierdie "verdediging" van sy Franse landgenote se geloofsvryheid begin werk. Ek sien baie van hulle, skryf hy, wat honger en dors is na Christus, maar wat weinig kennis van Hom het. En ek sien dat die woede van sommige goddeloses teen hierdie "gesonde leer" só hoog gestyg het, dat daar nie meer 'n veilige ruimte is om hierdie leer te verkondig nie. Selfs die kerk van Rome is op 'n dwaalweg: die ware kerk word gekenmerk deur die suiwer verkondiging van Gods Woord en deur 'n "wettige" bediening van die sakramente! In ses dele is vervolgens die wet, geloofsbelydenis, gebed en die sakramente uiteengesit, en ten slotte die vryheid van 'n Christenmens, kerklike mag en burgerlike regering. Maar wie eens die *Institusie* gelees het, sal die openingswoorde daarvan nie kan vergeet:

Feitlik die volle heilsleer bestaan uit die volgende dele: kennis van God en kennis van onself ... Van God, dat Hy grenslose wysheid, regverdigheid, goedheid, genade, waarheid, deug en lewe is ... en dat Hy die ellendiges en armes gul sal ontvang wat hulle toevlug tot sy genade neem en hulle vertrou op Hom stel ... Van onself, moet ons daaraan vashou dat Adam, die vader van ons almal, na die beeld en gelykenis van God geskape is, begiftig met wysheid, regverdigheid en heiligheid ... Maar toe hy in sonde geval het, is die beeld en gelykenis van God aangetas en uitgewis ... Ons moet dus na 'n ander weg vir ons redding soek as deur die geregtigheid van ons dade, en dit is naamlik die weg van vergifnis van ons sondes ... Volgens sy wil, gee God dan aan ons 'n nuwe hart ... ter wille van ons Here Jesus Christus ...

Genade, verlossing, vergifnis, vertrou, troos. Woorde waarmee Calvyn die nood van die vele vlugteling van daardie jare – 1535/36 – pastoraal ondervang het. En sekerheid. Juis wanneer dit in ons belydenis oor die kerk gaan, vind Calvyn die vaste grond diep onder:

Die uitverkorenes van God word almal in Christus so verenig en saamgevoeg dat hulle van een Hoof afhanklik is, hulle ook so in een liggaam groei en so as lede van dieselfde liggaam verbonde is ... Wanneer die Here dus die mense wat aan Hom behoort, na Hom toe roep,

regverdig maak en verheerlik, dan maak Hy daarmee niks anders duidelik as sy ewige uitverkiezing ...

Die "orde van Gods barmhartigheid", noem Calvyn dit na aanleiding van Romeine 8:30. En daarmee lê die saligheid van die kerk, haar toekoms en voortbestaan veilig in God se hand – selfs al sou hierdie aardse bestel wankel en ineens stort. Dit was immers vir Calvyn 'n eksistensiële vraag: Alhoewel hy in Basel 'n veilige tuiste gevind het, in kontak kon kom met ander Hervormers soos Heinrich Bullinger en Pierre Viret én hy daar sy kort en kragtige voorwoord vir Olevitanus se Franse Bybelvertaling kon skryf, vertrek hy in Maart 1536 na Ferrara in Italië om by die dogter van Koning Lodewyk XII van Frankryk, vir sy verdrukte landgenote te gaan intree. Ook dáár word hy opgejaag en besluit Calvyn om deur sy vaderland te reis, Parys te besoek en na Straatsburg te gaan. Onderweg moes hy in Genève oornag, 'n stad met nagenoeg 11 000 inwoners en wat in 1536 tot 'n "evangeliese en heilige lewenswyse" oorgegaan het; tot die Reformasie. Dit is hier waar Guillaume Farel – bekend en beïndruk met die *Institusie* – die jong skrywer daarvan opspoor en hom met 'n dreigement van Gods vurige oordeel, oorreed om sy reisplanne na Straatsburg te laat vaar en in Genève oor te bly. 'n Ingrypende koersverandering, onthou Calvyn: dit was asof God self uit die hemel sy hand met geweld op my gelê het.

"Die Fransman" en "skrywer uit Noyon", is as stadsburger in die register van die stad Genève opgeskryf. As "Ieraar in die Heilige Skrif".

2. "Vreemdeling" in Genève, stad van "roofsugtige wolwe"

Johannes Calvyn se eerste verblyf in Genève sou nie lank duur nie: vanaf September 1536 tot April 1538 – vir hom egter 'n besonder intense en veeleisende agttien maande, aangevuur deur sy idealisme oor kerk en wêreld. *Ora et labora*, bid en werk, was sy leuse.

As "Ieraar in die Heilige Skrif" sou Calvyn sy werk begin met 'n reeks voorlesings oor die Brief aan die Romeine. Alreeds in sy *Institusie* het Calvyn sy liefde vir hierdie brief van Paulus laat blyk. Daarmee het hy ook begin waar die Reformatore van die eerste generasie begin het: Luther (1512-1516), Melancton (1532), Bullinger (1535) en Bucer (1536), van wie daar almal Romeine-kommentare verskyn het. Wanneer iemand hierdie brief verstaan, het hy toegang gevind tot die ganse Skrif, het Calvyn aan sy vriend Grynaeus verduidelik. En dit is besonder nodig dat die kerk dit vir haar eie heil sal verstaan: "die enigste geregtigheid van mense kom deur die genade van God in Christus", wat ons nadat dit deur die evangelie ons aangebied is, deur geloof moet aanvaar. Dit is die hart van die Brief aan die Romeine. Tot by die laaste verse: "die evangelie word nie sonder rede die koninkryk van God genoem nie"; daardeur bring God heidene byeen in gehoorsaamheid en geloof. Wat sy metode van uitleg betref, was helderheid en bondigheid vir Calvyn prioriteit. Drie jaar later is hierdie voorlesings verwerk en gepubliseer as sy *Kommentaar op die Brief van Paulus aan die Romeine* (1539).

Van groot oortuigingskrag sou Calvyn se optrede by die godsdiensgesprek in Lausanne wees, in Oktober 1536. Op versoek van die Reformatoriese predikant daar, Pierre Viret, het Farel en Calvyn die gesprek met verteenwoordigers van die Roomse Kerk bygewoon. Alhoewel Calvyn vir eers uit die gesprek sou bly, het die verkeerde aanhaling van Augustinus deur die verteenwoordigers van Rome, 'n indrukwekkende rede van hom ontlok waarin sy kundigheid oor die kerkvaders en sy welsprekendheid verskeie van sy opponente tot die Reformasie sou oorhaal. "Die Here se Naam is groot!", het Farel uitgeroep. Die skape wat tussen die wolwe in die wildernis rondgedwaal het, is deur die Here na sy weivelde teruggebring. Daarmee het Farel die leiding van die Reformasie in Genève aan die jonge Calvyn opgedra.

As prediker in die St. Pierre-kerk het hy die Skrif met kundigheid en helderheid uitgelê om sy hoorders van die genade van God te oortuig. Dit was vir hom die gesagvolle Woord van God waaraan hy die gemeente moes herinner, soos 'n profeet van ouds, soos 'n wag op die stadsmure. Die breuk met Rome het verdiep: Calvyn sou na die posisie van sy medestanders in die Katolieke Kerk in Frankryk as hulle "Egipte" verwys – hulle moes vlug. Of, in die opdrag aan Abraham: "Trek uit jou

land uit ...” Op daardie stadium was hy oortuig dat die vryheid wat hy in Genève geniet, dié van die “Beloofde Land” moes wees. Maar, die handhawing van daardie evangeliese vryheid sou meer as net prediking vra. In sy kort tydjie daar het ’n eerste kategismus, konfessie en kerkorde uit Calvyn se vaardige pen gevloei. Daarmee wou hy en Farel gestalte gee aan hulle visie van ’n stad wat getrou aan die Skrif geleer is en geleef het. ’n Belangrike hulpmiddel tot dié doel, sou die Christelike tug moes wees – met name ten opsigte van toelating tot die Nagmaalstafel.

Twee groeperinge egter het nóg sy visie nóg sy werkswyse gedeel. Enersyds was daar die sogenaamde Libertyne in Genève: oorspronklike inwoners van die stad en trots op die vryheid wat hulle in 1535 verwerf het – vryheid wat hulle ook in ’n morele sin verstaan en kerklik opgeëis het, en wat hulle nie nou onder die juk van Calvyn se visie vir stad en kerk sou laat indwing nie. Andersyds, die Anabaptiste. Calvyn het hulle oortuiging van die noodsaak van ’n heilige lewe, toegewy aan Christus, gedeel. Maar hulle gaan te ver, skryf hy: waar Christus van ons beskeidenheid en ootmoed vra, gee die Anabaptiste hulleself oor aan ’n oordrewe gestrengheid en ’n onbybelse volmaaktheidstrewes. Luther se *simul iustus et peccator* – tegelyk geregverdig en sondaar – is nie net van ’n mens waar nie, maar ook van ’n kerk. Die konflikte in Genève is op die spits gedryf. In Januarie 1538 besluit die Raad vredesonthalwe dat niemand meer toegang tot die Nagmaalstafel geweier mag word nie. Op straat is met Calvyn en sy prediking die spot gedryf. Ondertussen is hy ook deur Caroli, predikant in Lausanne, van kettery oor die Drie-enigheid van God aangekla – ten onregte, maar wel ’n klag waarvoor daar vroeër al in Genève die doodstraf opgelê is. Boonop was daar ’n aandrang in die stad dat die gebruike van die stad Bern rakende kerklike feesdae en die kwartaallikse viering van die Nagmaal met ongesuurde brood, ook in Genève moes geld. Calvyn daarenteen, was oortuig dat die sakrament elke Sondag op die Woordverkondiging moes volg, of anders dan, ten minste maandeliks. Die gevolg was ’n preekverbod deur die Raad teen Calvyn en Farel. Op Paassondag het beide egter dié verbod verbreek en hulle protes in preke in die St. Pierre- en St. Germain-kerke laat hoor. Die Raad het genoeg gehad van “die Fransman” en sy kollegas; hulle is drie dae gegee om die stad te verlaat. Bygesê, die konteks het hierin ’n groter rol gespeel as die optrede of standpunte van Calvyn self – agter die politieke skerms was Genève se onafhanklikheid van Bern ’n strydpunt en die heersende faksie in die Raad was sterk ten gunste van Bern. Calvyn nie. Die volgende oggend reeds het hy en Farel uit Genève vertrek, die stad vol “roofsugtige wolwe” soos laasgenoemde daarna verwys het.

Vir Calvyn was dit ’n verligting. Oor die onhoudbare, gespanne situasie in Genève het hy nie skuldig gevoel nie; ook nie oor die standpunt wat hy teenoor sy opponente gestel het nie. Maar hy was wél diep onder die indruk dat God hom deur hierdie gebeure vir sy onervarenheid en ander tekortkominge getugtig het. Nogtans kon hy nou terugkeer na Basel en hom verder aan sy studies wy, in diens van die Reformatoriese kerke. Weer was hy ’n vlugteling. Jare later het hy die Engelse vlugteling in Zürich per brief bemoedig: die kinders van God word deur hulle vlugtelingskap beproef; hulle is vreemdelinge op aarde; eendag sal hulle die aarde beërwe.

3. “Dawid en sy vlugteling”, in Straatsburg

Johannes Calvyn sou nie kon glo dat dit wéér met hom gebeur het nie! Die vorige keer was toe hy van Basel af op pad na Straatsburg was en in Genève oornag het. Toe was dit Farel wat asof van Godswêë, sy hand op die jong Fransman se skouer gelê en hom oortuig het sy roeping lê in dié Switserse stad. Hierdie keer is Calvyn van Genève na Basel op pad en oornag in Straatsburg. Hier het die Reformasie al in 1524 begin en onder leiding van Martin Bucer verbreed – soveel so dat daar in sommige kringe van ’n “nuwe Jerusalem” gepraat is. Boonop was die stad ’n bekende toevlugsoord vir ontworteldes; in die Dominikaanse kerkgebou het daar Sondae ’n gemeente van vyfhonderd Franse vlugteling byengekom. En hier, skryf Bucer aan Calvyn, lê jôu roeping. Moenie jou soos Jona verset teen die roepstem van God nie. Wéér hoor die jonge Calvyn daarin ’n Roepstem wat hom van koers laat verander: op 8 September 1538 het hy sy eerste preek in Straatsburg gelewer.

Straatsburg en met name Bucer – in wie Calvyn algaande ’n vaderfiguur gesien het – het die jong Fransman teologies gevorm tot die Hervormer wat hy sou word.

Dit sou eerstens ten opsigte van Calvyn se siening van die pastoraat gebeur. Bucer se bekende boek, *Von der waren Seelsorge*, het in 1536 verskyn. Hieruit het Calvyn geleer dat die pastorale versorging van lidmate en die toesig oor hulle leer en lewe, inherent een is; 'n verantwoordelikheid wat aan die herders opgedra is om in liefde te verrig. So sou die gebruik groei om meelewende Christene in 'n bepaalde buurt van die stad – 'n wyk – aan mekaar toe te wys. Gereeld sou 'n ouderling dan die huise in daardie wyk besoek en lidmate geestelik vir die Nagmaal voorberei. Diakens sou nie meer kollektante wees nie, maar die draers van Christus se genade in allerlei praktiese vorme na noodlydendes. 'n Tweede faset van die bediening waarvan Calvyn veel by Bucer geleer het, was die liturgie. Die altaar in die Roomse Kerk is met die kansel vervang. Twee keer per Sondag sou Calvyn preek en vier "Bybelleings" deur die week lei. Vir die Nagmaal én vir die doop stel hy formuliere op waardeur die gemeente in die betekenis van die sakramente onderrig is. Belangrik, stel hy vas: Niemand kan by die Nagmaalstafel kom aansit alvorens hy of sy hulle Christelike geloof bely het nie – 'n vaste punt tussen die doop en die Nagmaal waarby die gelowige vir hom- of haarself die verbondsbeloftes van God toe-eien. Vier keer per jaar sou kinders (dooplidmate) ondervra word om hulle vordering op die geloofsweg te bepaal, alvorens hulle tot die Nagmaalstafel toegelaat is. Dit was ook by Bucer en die ander Straatsburgers dat Calvyn geleer het wat sang in die erediens beteken. In 1539 verskyn sy en Clément Marot se eerste *Aulcuns pseaulmes et cantiques mys en chant*: 'n beryming van vyf Psalms en drie gesange – twee Skrifberymings, te wete die Tien Gebooie en die lofsang van Simeon, en 'n toonsetting van die Geloofsbelydenis. Spoedig sou die Franse vlugteling die "psalms van Dawid" hartlik sing; pelgrimsliedere wat hulle eie omswerwinge deur die wildernis verwoord én terselfdertyd van God se sorg getuig het.

'n Derde saak wat sterk deur Bucer op die jonge Calvyn se hart gelê is, was die strewe na eenheid in die Reformasie. Bucer stuur hom na die godsdiensoesprekke in Frankfurt (1539), Hagenau (1540), Worms en Regensburg (1541). Aanvanklik sou die kontakte met verteenwoordigers van Rome by hierdie gesprekke weinig oplewer, maar by Regensburg het Calvyn hoop gehad vir versoening; daar was selfs eenstemmigheid oor die regverdiging deur geloof alleen! Maar dit sou op niks uitloop nie. In sy brief aan Biskop Jacopo Sadoleto, na aanleiding van dié se oproep aan Genève om na die Roomse Kerk terug te keer, skryf Calvyn dat dit Rome is wat die eenheid van die kerk verbreek het deur hulle afwyking van die belydenis van die ware geloof. Die eenheid van die kerk word slegs daar uitwendig sigbaar, waar 'n inherente, geestelike eenheid met Christus leef! Vandaar die eenheidsband wat Calvyn sedert hulle ontmoeting in Frankfurt met Philippus Melancton, medestander van Luther, beleef het; 'n hand wat hy graag ook na Luther wou uitsteek. Al wás daar verskille tussen hulle, het Calvyn dit gestel, kan niemand vergeet dat die "evangelie uit Wittenberg gekom het" nie. Sy waarderende brief aan Luther het egter nooit in Wittenberg aangekom nie.

Straatsburg het wel aan Calvyn tyd gegee om te skryf. Die *Romeine*-kommentaar is voltooi. 'n Volgende, uitgebreide uitgawe van die *Institusie* het verskyn. Daar was sy uitgebreide briefwisseling met geestelikes regoor Europa. En, Straatsburg het ook 'n liefde in Calvyn se lewe gebring: Idelette van Buren, 'n weduwee, met wie hy in Augustus 1540 getroud is. Hulle sou twee dogters hê, maar geeneen het die moeilike omstandighede oorleef nie. Pessiekte het deur die stad getrek. En die gesin Calvyn het geldelik baie swaar gekry. Nogtans sou hy dié drie jaar in Straatsburg as die gelukkigste van sy lewe beskryf!

Toe kom daar briewe uit Genève en vra: kom terug. 'n Nuwe Raad was in beheer van die stad. Calvyn wou nie: dis vir my 'n terugkeer na 'n kruis, het hy hom verweer. Weliswaar was hy vas oortuig: "Wil jy die wêreld verbeter, begin by Genève." Maar dit sou te veel van hom vra. Genève was 'n folteringsbank, skryf hy aan sy vriend Viret. Wéér 'n keer dring Farel vurig by hom aan. En dan kom die antwoord: Ek offer my hart aan die Here.

Cor meum tibi offero domine.

Johannes Calvyn het ja gesê. Opreg. In die voorwoord van sy *Psalms*-kommentaar het hy eens sy diepste hartsbegeerte neergepen: dat hy sedert sy vlug uit Frankryk die Here graag in stilte wou dien; sy lewensroeping gesien het as 'n bestudering van die Woord, eenkant. Soos Dawid agter die skape,

naby die Here. Maar God het dit anders beskik. Aan dié Roepstem moes 'n mens jouself bereidwillig onderwerp. *Prompte et sincere*.

Die Woord van God verander jou twee keer, skryf hy: Eers maak dit van God se vyande, sy kinders; en dan leer dit God se kinders om Hom meer en meer te eer. Dit was vir Calvyn sy roeping. Geen wonder, onthou hy, dat toe hy in September 1542 sy prediking in Genève hervat by dieselfde teks as waar dit drie jaar vantevore afgebreek is, elke siel in die kerk regop gesit het. Geen woord egter oor die vetes van die verlede nie. Sy bedoeling terug hier, was opreg: Genève moes God alleen eer.

Die Raad van Genève het Calvyn terugverwelkom. 'n Huis nie ver van die St. Pierre-kerk nie is aan hom gegee. Sy vergoeding was genoeg om Idelette ook te versorg.

4. Om die eer van God in Genève, en elders ...

Waar sou die "verbetering van die wêreld in Genève" begin?

Vir Calvyn: by die verkondiging van God se Woord. Die Woord is God se heilsmiddel vir mense en lê daarom sentraal in die erediens en kerkgebou; verhewe, sodat dit ook duidelik gehoor kon word. Maar dan moet die prediker eers sêlf onder die geklank van die Woord kom. As jy jou nie vooraf in die Woord verdiep het nie, is dit beter dat jy jou nek breek teen die trappies van die kansel op! Die prediker is niks meer, maar ook niks minder as "die mond van ons Leraar" nie! Tydens jou voorbereiding – waarmee Calvyn eksegese van die Hebreeus en Grieks bedoel het – lê dié Leraar sy Woord in jou hart. Saans ná aandete het Calvyn hom afgesonder vir sy preekvoorbereiding: Teen 1549, toe die Raad van Genève die hervorming van die stad nóg ernstiger opgeneem het, sou Calvyn selfs tot tien preekbeurte in veertien dae waarneem! Sy prediking was reguit en op die punt af; in kort, kragtige sinne is vers na vers uitgelê; geen koue, dogmatiese leerredes nie, maar warme hartstaal. As daar meer woordkunstenars in die kansels was, sou daar minder beelde van hout of klip in kerkgeboue nodig gewees het, skryf hy. Erediensbywoning was 'n prioriteit: By die kerk as ons moeder, word ons deur die Woord geleer, gelei en getroos. Teen diegene wat slegs erediens toe kom as doopgetuies of vir die Nagmaal, trek hy te velde: Elkeen het die Woord nodig om van te lewe! Daarom moet jy ook wakkerbly en stilbly en luister! En sing! Marot is weer opgeroep om stylvolle melodieë vir die Psalms te kom skryf. Calvyn wou nie volksmusiek uit die strate en kroëe gebruik nie – vir God en die engele deug net die beste. Gemeentesang moes dit wees, stylvol en ingebed in 'n liturgie wat uit die Woord opgekom het; 'n gesprek tussen God en sy gemeente. In 1542 verskyn *La forme des prieres et chantz ecclesiastiques*, 'n boek vir die erediens in Genève met gebede, formuleer vir die doop en Nagmaal en huweliksbevestigings en 'n verdere aantal Psalmberymings.

Maar sy teenstanders het steeds met Calvyn se prediking en eredienste gespot. Die sekretaris van die Klein Raad van Genève, Philibert Berthelier, het opsetlik deur Calvyn se dienste gesit en hoes! Op 'n ander keer is plakkate met doodsdreigemente teen die kansel van die St. Pierre-kerk opgeplak. Op straat is die prediker gekoggel: "Kain! Kain!" Die Libertyne was steeds nie vir sy visie te vinde nie.

Dit het die Raad egter nie daarvan weerhou om Calvyn se *Ordonnances ecclésiastiques* – die bekende Geneefse Kerkorde – in 1541 goed te keur nie. Alhoewel: hulle beroep hulle op Christus, maar wil sonder Hom regeer! Vir hom was 'n Christelike lewenswyse die vrug van die geloofsverbintenis met Christus in jou hart. Dit moes gekultiveer en gekoester word, aangehelp deur die middele van Woord, sakrament en die onderlinge omsien na mekaar. By Bucer het Calvyn die Duitse woord "zucht" geleer, wat letterlik beteken "om te trek". Vir hom was die Christelike tug die verantwoordelikheid van die herders en ouderlinge, ten einde die sondaar in te trek, terug te roep na die kerk as ons moeder en na die Woord; na Christus. Só lui dit in die Kerkorde, wat op gesag van die Raad "in die Naam van die Almagtige God" afgekondig is – 'n Christelike gemeenskap was immers ook die ideaal van die Raad. Maar by wie sou die finale seggenskap hierin berus? Die Raad wou beheer behou. Calvyn weer, het kerkregering en -dissipline in die hande van 'n "konsistorie" gesien: die gereelde vergadering van herders en leraars. Daarheen is oortreders geroep – huweliksake het byvoorbeeld tot 323 in 1557 toegeneem; waar in 1546 vyf persone van die Nagmaal uitgesluit is, was daar elf jaar later 117 gevalle! Maar vir Calvyn was die "konsistorie" nie 'n regbank voor wie sondaars

moes verskyn nie; dit was 'n ruimte vir die bieg, vergifnis en versoening. Beginnende by die herders en leraars, nota bene! Vrydagoggende om 07:00 het die nuutingestelde "Congrégation" byeengekom: Een van die leraars sou 'n Skrifgedeelte inlei, waarna almal dit sou bespreek; daarna sou die verloop van kerklike sake bespreek word en dan – vier keer per jaar – sou 'n *censura morum* plaasvind, 'n kans vir elkeen om enige probleme wat hy ervaar, persoonlik of met 'n ander leraar, in leer of lewe, te opper sodat dit uitgepraat en opgelos kon word. Die herders van die gemeente moes immers in alles 'n voorbeeld vir gelowiges wees.

Die hervormingswerk in Genève sou in die erediens begin en wyd uitkring. In 1545 verskyn *Die Kategismus van die Kerk in Genève*, 'n "formulier om kinders te onderrig in die leer van Christus", nie net in die stad nie, maar bedoel vir Reformatoriese kerke in die hele noordwes-Europa. Deur 374 vrae en antwoorde lei die leraar 'n kind:

Wat is die belangrikste doel van die mens se lewe?

Om God, deur wie die mens geskape is, te leer ken ...

Wat is ware en egte kennis van God?

Dit is om Hom so te ken dat die eer wat ons aan Hom verskuldig is, aan Hom betoon word.

Geloof, gebod, gebed, Woord en sakrament, is opeenvolgend aan die orde gestel. Dit sou later die grondslag vir die *Heidelbergse Kategismus* (1563) word. Bedags was daar die preekbeurte, huisbesoek en die organiserings van die armeversorging. Saans, by kerslig, was Genève ook die adres wat Calvyn bo-aan sy briewe aan honderde leiersfigure uit die Europese samelewing geskryf het – konings, vorste en vorstinne, teoloë, almal op soek na advies. Die wêreld het verander, skryf hy aan hulle; die ou orde het verbygegaan; instemming met 'n beginsel óór die grense van nasionaliteit, taal of geografie heen, rig alreeds die samewerking tussen mense. Geloof in Christus en die eer van God onderlê alles en oorstyg alles.

Genève, die "volmaakste leerskool van Christus", het 'n besoeker uit Skotland – John Knox – gevind.

Nie dat die weg vir òf die stad òf Calvyn maklik sou wees nie. In die jaar van hulle Psalmboek, trek 'n plaag deur die stad en laat honderde gestorwenes agter. Die situasie is vererger deur mense met kwade motiewe, wat die siekte doelbewus versprei; sommige waarvan gevang en tereggestel is – onder andere 'n aantal vroue wat van hekserij beskuldig is. Ook tuis het Johannes en Idelette hulle leed gehad: In Julie 1542 word "'n seuntjie vir hulle gebore, maar sterf drie weke later. God het ons swaar geslaan, maar Hy is ons Vader, peins die pa. Hulle sou verder kinderloos bly. Oor die dood van hulle klein Jacques kon Idelette maar nie kom nie. Haar gestel was in elk geval nie sterk nie en in die loop van jare is sy gereeld deur hoesbuie en borskwale oorval. Op 29 Maart 1549 is sy oorlede. Ek het my beste vriend verloor, een wat my getrou in my bediening bygestaan het, teken Calvyn dit aan. Sy eie gesondheid het as student aan die berugte College de Montaigu al 'n knou gekry, en sou onder die jare van stryd, persoonlike verlies en die geweldige werksdruk ly. Aan Bullinger skryf hy in 1551 dat al die skryfwerk hom uitermate vermoei. Kroniese hoofpyne, migraine en moegheid het 'n tol begin eis.

Voeg daarby dat hy homself steeds as 'n buitestander beleef het: "Ek is 'n vreemdeling in hierdie stad", skryf hy vroeg in 1546 aan Viret. Van Libertynse kant was daar verset teen die groeiende aantal Franse vlugtlinge in die stad; óók teen die Franse predikante. Van Calvyn se morele voorskrifte wou hulle niks weet nie. Boonop gaan drie van sy vriende – Perrin, Bolsec en Castellio – met verloop van tyd oor na daardie kant; selfs ook weer na Rome. In die Raad bou verdeeldheid op; in 1547 is die burgemeester weer 'n Libertyn. In die hitte van die stryd het Calvyn meermale sy humeur verloor en hom skerp uitgelaat teenoor opponente. 'n Laagtepunt kom met die veroordeling en teregstelling van Michael Servet – 'n Spaanse dokter wat al in 1531 vanweë kettery teen die Drie-eenheid van God, deur die Katolieke Kerk voëlvry verklaar is. Van 'n gesprek met Calvyn destyds in Parys, het niks gekom nie – Servetus het nie opgedaag nie. Teen 1553 publiseer hy sy *Restitutio*, 'n duidelike poging om Calvyn se teologiese opvattinge te bestry. Op Sondag, 13 Augustus daardie jaar, daag hy ook by 'n diens van Calvyn in Genève op. Iemand herken Servetus, lig Calvyn in en hy deel die nuus aan die Raad mee. Die Raad win advies van die ander Switserse stede in en die bevinding is

eenparig: Vang en verhoor Servetus en voltrek die vonnis vir kettery. Servet het gehoop dat die Libertyne in die Raad sy saak sou beredder en dit selfs téén Calvin sou laat draai – dit was trouens ook die hoop van Perrin, voormalige vriend van Calvin! Die teendeel gebeur egter: Servetus is skuldig bevind en ter dood veroordeel. Nog het Calvin gepoog om hom te oortuig om sy stelling te herroep, en toe dit blyk nie te gaan gebeur nie, versoek hy die Raad om die modus van die doodsvonnis (van verbranding na onthoofding) te versag. Tevergeefs. Dan versoek Calvin sy vriend Farel om Servetus pastoraal te begelei. Tot by die brandstapel. 'n Skaduwee het oor Calvin en Genève se naam geval.

In Mei 1555 stort die opposisie teen Calvin in duie, toe 'n bedenklige plan om hom en alle Franse met geweld uit die stad te verdryf, op die lappe gekom het. Met die verkiesing is die Libertyne verslaan en 'n goedgesinde Raad in Genève verkies. Die Reformasie is deurgevoer. Die "mees sedelose stad in Switserland" het verander. Volkere en wêrelddele sou volg. Weereens, Calvin was oortuig dat die Woord vir hulle bedoel was – in dieselfde jaar verskyn sy *Kommentaar op die Sinoptiese Evangelies* (Matteus, Markus en Lukas). Hulle sou ook die *Institusie* lees, wat nou uitgebrei is tot die bekende vier boeke van 1559. Daardie selfde jaar open ook die Genève Akademie, met bokant die deur Spreuke 9:10 – "Wysheid begin met die dien van die Here." Na Genève sou pastors en teologiese studente van regoor Europa kom; onder hulle Reformatoriese leiers soos John Knox, Guido de Bres uit Frankryk en Marnix van St. Aldegonde uit Nederland. Theodore Beza is as die eerste rektor aangewys. Die Akademie sou uitgroe tot volwaardige universiteit waar in die eerste jare al meer as 900 studente in die teologie, regte en medisyne opgelei is. Voorts is die *Ordonnances ecclésiastiques* – die kerkorde vir Genève – hersien. Op 25 Desember 1559 het Johannes Calvin burgerskap van die stad ontvang.

Hy was dankbaar. Want die lewe word korter: Dertig jaar is al verby sedert sy vlug uit sy Franse vaderland omdat die waarheid van die Evangelie, die suiwere geloof daarin vervat en die regte wyse van aanbidding dáár verbied was, skryf hy in 1563 aan Keurvors Frederik van Heidelberg. 'n Lys van hoogtepunte gee hy nie. Ook nie toe hy in April 1564 – met Pase – vir oulaas by die Nagmaalstafel aangesit het en die "konsistorie" en Klein Raad toegesprek het nie. Inteendeel: beide afskeidsredes begin met 'n bede dat hulle hom sal vergewe vir die talle foute, die dispute en onverkwiklike twiste waarby hy in Genève betrokke was. Dit was nie om homself nie, maar om die eer van God in die stad. Ek is maar 'n misrabele skepsel. Ek wou te alle tye die goeie doen; die wortel van godsvrug was wel in my hart; my gebreke het my verdriet aangedoen, met name my oplopendheid, heftigheid en humeur. En as u iets goeds gesien het wat ek gedoen het, neem dit aan en volg dit na, het hy hulle aangemoedig. Die pelgrimsreis gaan voort, die Beloofde Land wag nog. Wees bereidwillig en opreg.

Op Saterdag, 27 Mei daardie jaar – 1564 – is dit in die register van die stad Genève opgeskryf:
Vandag, om agtuur namiddag, het Jean Calvin na God gegaan. Aan Hom al die dank uit die diepte van ons hart.

Dit was ook sy wens. Soos daar ook vir Moses geen grafsteen was nie. God weet alles.

Vir die aanhalings hierbo en verdere verwysings, sien die volgende bronne:

- Calvin, J 2008. *Kommentaar op die Brief van Paulus aan die Romeine*. In Afrikaans vertaal deur S Postma. Bloemfontein: IKRS. (UVTS.)
- Calvin, J 1980. *Institusie van die Christelike Godsdiens, 1536*. In Afrikaans vertaal deur H W Simpson. Potchefstroom: Calvin Jubileumboekefonds. (UVTS.)
- Selderhuis, H J 2009. *John Calvin: A Pilgrim's Life*. Nottingham: Inter-Varsity Press.
- Van Genderen, J et al. 1978. *Zicht op Calvijn*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.
- Van't Spijker, W 1986. *"Die Fransman ...": Calvijn in 1536*. Kampen: De Groot Goudriaan.

(Ds Jan Lubbe – NG Kerk Berg en Dal)

3. CALVYN EN SPIRITUALITEIT

Die teologiese bydrae van Johannes Calvyn kan nooit na waarde geskat word sonder inagneming van die geestelike en pastorale konteks van sy werk nie. Hy was vasbeslote om teologie te beoefen binne die raamwerk van piëteit. *Pietas*, as die regte ingesteldheid van 'n mens teenoor God, is een van die hooftemas van Calvyn se teologie. Die totale Christelike lewe moet een van heiligheid wees en die doel is die heerlijkheid van God. God self is die fokuspunt van die Christelike lewe. Dit is 'n spiritualiteit wat gekenmerk word deur 'n absolute verwondering vir God se transendensie en mag. Kennis van God was egter vir Calvyn altyd iets prakties.

Vandag is daar wye instemming dat die *mistieke eenheid met Christus* sentraal is in Calvyn se teologie en spiritualiteit. Gemeenskap met Christus impliseer deelname in dit wat die gelowiges erf. Die eenheid met Christus word bewerkstellig deur geloof wat *die Gees* en *die Woord* in mense se lewens bewerk. Deur die Gees en die Woord word die gelowige geregverdig en deur heiligmaking word 'n mens meer en meer soos Christus. Presies hierdie klemtone onderstreep die belewingsdimensie van Calvyn se piëteit.

Spiritualiteit is nooit 'n individualistiese beleving deur die gelowige nie. Dit gebeur deur die *kerk* wat die moeder en die versorger van die gelowige is. Dit is belangrik. Piëteit word versterk deur die gemeenskap van die gelowiges.

Ware piëteit is dialogies: Die gelowige is in gesprek met God. Die *wet* in sy drievoudige sin speel 'n belangrike rol hierin. Dit beperk sonde, lei ons na Christus, maar word ook 'n gids vir die Christelike lewe. Die wet is uitdrukking van God se wil vir die gelowige. Spiritualiteit en etos kan nie geskei word in Calvyn se denke nie. Gehoorsaamheid aan God se wil is sentraal in hierdie piëteit. Aksie is die finale uitdrukking van die geestelike lewe.

Calvinistiese spiritualiteit is ook 'n spiritualiteit van die sakramente. Christus word op 'n ander wyse gekommunikeer en die gelowiges word gevoed deur herinnerings aan die beloftes van God. Verskeie belangrike motiewe kristalliseer hier wat Calvyn se piëteit vorm: beloftes, vertrouwe, genade en dankbaarheid.

Die *Psalmsboek* speel in hierdie spiritualiteit 'n sleutelrol. As kanonieke "piëteitshandleiding" dek dit die volle spektrum van spirituele ervarings. Die hunkering na God, die Goddelike antwoord op alle menslike vrae, die diepte van die God-mens-verhouding kan nie die oplettende leser ontglip nie. Die sing van die Psalms moet ook hier waardeur word. Binne die liturgiese ruimte, wat uiters belangrik is vir hierdie spiritualiteit, word gelowiges gevorm deur die verkondiging van die Woord, die bediening van die sakramente en die sing van die psalms. Lewe en liturgie is geïntegreer.

Gebed is die belangrikste handeling van die Calvinistiese piëteit. Gebed verminder selfgesentreerdheid en verhoog afhanklikheid van God. Gebed moet gelei word deur ontsag vir God, 'n gevoel van boetedoening en hoop wat vertrou.

Skuldbelydenis, *selfonthouding* en *kruisdra* is kritiese elemente in 'n lewe voor God. Piëteit is 'n lewenslange antwoord op God. Die diep fokus op Christus verg hierdie opofferende elemente van piëteit. Christelike *eenvoud*, dit is bescheidenheid, nederigheid en vermyding van vertoon, het kenmerkende eienskappe van die Calvinistiese spiritualiteit geword. Selfondersoek speel hierin 'n sentrale rol.

Piëteit in 'n Calvinistiese sin aanvaar nie 'n dualisme tussen die gewone lewe en die geestelike lewe nie. Dit is 'n *geïntegreerde* spiritualiteit. Die impak van piëteit op die gemeenskap, sowel sekulêr as godsdienstig, was vir Calvyn belangrik. Sy spiritualiteit was sosiaal en inklusief.

(Prof Rian Venter – NGK Fakulteit Teologie – Universiteit Vrystaat)

4. DRIE-EENHEID, CHRISTUS EN DIE HEILIGE GEES

Johannes 16:5-15, 33

Inleiding

Die Heilige Gees is die derde persoon in die Drie-eenheid (Matteus 28:19, 2 Korintiërs 13:14, Matteus 3:16). Vir Calvyn was die drie persone so heg aan mekaar verbind, dat hulle eintlik nie eers in drie heel afsonderlike, onafhanklike persone onderskei kan word nie. Hy noem daarom die Heilige Gees die "krag van God", die "Gees van God" of die "Gees van Christus". Van die begin af het die Gees net toegepas wat die Vader en die Seun in die skepping en herskepping gedoen het. Die Gees het geen eie, onafhanklike werking nie. Die Gees pas toe en implementeer wat die Drie-enige God doen. Daar is niks in die skepping, die herskepping, in die herstel of die voleinding van alles wat nie deur die Gees gedoen word nie.

Die Bybel begin met die aankondiging van die Gees se werksaamheid tydens die skepping: "Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef (Genesis 1:2) en die Bybel eindig met die Gees se rol in die voleinding van alles: "Die Gees en die bruid sê: "Kom!". En elkeen wat dit hoor moet sê: "Kom!" En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet!" (Openbaring 22:17). Calvyn gee dus baie aandag aan die werk van die Heilige Gees; hy word daarom ook dikwels die "teoloog van die Heilige Gees" genoem.

Die Heilige Gees word die "Trooster" genoem, en die "Voorspraak" of "Advokaat". Terwyl Christus as die Hoëpriester vir ons intree en pleit by die troon van die Vader, spreek die Heilige Gees in ons harte, skep geloof in ons harte, lei die Gees ons deur God se Woord en troos die Gees ons.

Die bedoeling met hierdie preek is om weereens te leer waar die Gees vandaan kom en wat die doel en werk is waarvoor die Gees gestuur is.

Preek: Johannes 16: 5-15, 33

Voordat Jesus Christus gekruisig is, het Hy aan sy dissipels belowe dat Hy en die Vader die Gees sou stuur, as die "ander Helper" (Johannes 14:16, 26; 15:26; 16:7). Hierdie Gees is lewend en aktief: Hy kom (Lukas 1:35), Hy woon in (Johannes 14:17), Hy getuig (Johannes 15:26), Hy bewys skuld (Johannes 16:8), Hy onderrig en bring in herinnering (Johannes 14:26), Hy bid vir ons en Hy bid binne ons (Romeine 8:26).

Daar is drie dinge wat ons vanuit hierdie gedeelte in die Johannes-Evangelie oor die Heilige Gees kan leer.

1. Christus se weggaan (hemelvaart) was werklik nodig sodat die Trooster kon kom

Christus het dit met groter erns as gewoonlik aangekondig: "Tog sê Ek vir julle die waarheid."

Dit is voordelig dat Ek weggaan, het Christus gesê. Nie alleen is dit vir Myself voordelig nie, maar ook vir julle. Jesus het gedoen wat vir ons die voordeligste is, selfs al is ons huiwerig om dit so te aanvaar. Hy weet wat goed is vir ons.

Die uitsending van die Gees sou die vrug van sy weggaan na die Vader se hemelse woning wees. Daarvoor het Hy sy lewe aan die kruis gegee. Hy het vertrek sodat sy Gees kon agterbly en teenwoordig kon wees binne die kerk. Die Gees se teenwoordigheid binne die kerk sou veel meer voordelig of gewens wees as Christus se liggaamlike teenwoordigheid in die kerk. "Tog sê Ek vir julle die waarheid: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie." (vers 7). Al het die nuus van Christus se heengaan die dissipels hewig ontstel, was dit noodsaaklik sodat hulle die permanente teenwoordigheid van die troostende Gees by hulle kon ervaar.

2. Die sending van die Heilige Gees was absoluut noodsaaklik vir die voortsetting van Christus se werk hier op aarde

Die Gees sou voortgaan om die verlossingswerk, die heil, wat Christus deur sy kruis en opstanding bewerk het, toe te pas (te realiseer). Die Heilige Gees sou die wêreld van sonde, oordeel en geregtigheid kom oortuig. Sonder die werking van die Heilige Gees sou die mensdom nie in staat wees om te verstaan dat hulle sondig is nie, dat onreg orals aan die orde is en dat almal uiteindelik geoordeel sal word nie. Sonder om van hierdie werklikheid oortuig te wees, sal hierdie wêreld nie die verlossing in Christus kan aanvaar nie. Die mense sal geen behoefte daaraan hê nie. Daarom, om mense voor te berei vir die aanvaarding van die verlossing in Christus, is die koms van die Heilige Gees onontbeerlik.

Om hierdie doel te bereik, naamlik om die heil en die verlossing in Christus effektief uit te voer (dit toe te pas) en die wêreld te kom oortuig dat dit inderdaad die prins van hierdie wêreld is wat veroordeel staan, het die Vader en die Seun aan die Gees die Woord van God gegee. Dit is deur die bemiddeling van die Woord dat die Gees die werk van Christus voortsit. Die Gees het gekom om ons in die waarheid van die Woord te lei. Die Gees verkondig net die Woord, dit wat Hy van die Vader en die Seun ontvang het. Hy maak dit bekend aan die kerk.

Die verlossing in Christus word deur die Heilige Gees bemiddel, deurdat Hy ons in die waarheid van die Woord lei. Deur die Woord maak die Gees die teëstanders van Christus en sy saak stil. Hy gee dus aan die wêreld die kragtigste middel tot oortuiging, die Evangelie, waarvan Hyself die waarheid bevestig het. Die Heilige Gees sal nie alleen die waarheid van die Evangelie bekend maak nie. Hy sal mense oortuig, hulle verander, hulle harte oopmaak vir die aanvaarding van die Evangelie. Hy "skep" die geloof in Christus en daardeur "herskep" Hy mense in hierdie gebroke wêreld. En terwyl die Gees dit alles doen, verheerlik Hy Jesus Christus in hierdie wêreld.

3. Die koms van die Gees sal vir die dissipels self van onuitspreeklike voordeel wees

In hierdie gedeelte van Johannes word dit duidelik gemaak dat die werk van die Gees vir die dissipels self baie voordelig sal wees. Die Gees sal hulle begelei in die Waarheid. Die Gees het gekom om aan ons alles oor God te openbaar. Die Gees het gekom om by ons en in ons te wees. Die Heilige Gees het gekom om ons Trooster en Raadgewer te wees. Hy het gekom om ons harte vir die boodskap van die Evangelie oop te maak en ons te oortuig van die verlossing in Christus. Die Gees het die mense gelei wat die openbaring van God as die Ou en die Nuwe Testament neergeskryf het. Die Heilige Gees het aan ons die Bybel gegee.

Maar die Heilige Gees is ook aan die werk in die herstel en nuut maak van God se gevalle skepping. Die Heilige Gees maak ons nuut en heel, Hy vernuwe ons na die beeld van Christus, Hy begelei ons, Hy gee ons krag en hoop. Dit is alleen deur die krag van die Heilige Gees wat die kerk getroue getuies van die koninkryk in hierdie wêreld kan wees. Dit is alleen deur die krag van die Heilige Gees dat ons uiteindelik hierdie wêreld met sy swaarkry en bekommernisse kan oorwin. Die Heilige Gees sal uiteindelik die oorwinning wat Christus behaal het, finaal volvoer en laat aanbreek. "Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin"(Johannes 16:33).

Ons as Christene is dus baie gelukkig om so 'n Geskenk van God te hê. Kom ons laat die Heilige Gees toe om ons te lei, om ons lewens te beheer, om vir ons die pad te wys. Alleen deur die krag van die Gees van God kan ons bid, kan ons die Woord verkondig, kan ons goeie dade verrig en kan ons die magte van hierdie wêreld oorwin. Dit is hoekom die Heilige Gees ook die Trooster, die Raadgewer of die Advokaat genoem word.

Kom ons bid vir die werk van die Heilige Gees in ons lewe en in die wêreld.

(Ds Molefi Lenkoane – NGKA Botshabelo)

5. CHRISTUS GEE SY GEES EN LES ONS DIEPSTE DORS Johannes 19:28-30

Agtergrond

In die sogenaamde Calvynjaar is dit sinvol om weer te kyk hoedat een van die vaders van die reformasie met die Heilige Gees as die Gees van Christus omgegaan het. In sy Institusie (*III:i.1*) noem Calvyn in verband met die heiligmaking van gelowiges, dat die Heilige Gees die band is waardeur Christus Homself aan ons verbind. In sy Geneevse Kategismus (*II:50*) sê hy dat alle gawes wat Christus aan ons gee, gegee word deur bemiddeling van die Gees. Hy noem dit ook in sy kommentaar op *1 Korintiërs 6:11* wanneer hy sê dat alle gawes aan ons gegee word deur die Gees as die Outeur van ons geloof. Hierdie gawes is die direkte gevolg van die opstanding van Jesus Christus (*Handelinge kommentaar 1:100*). Ons kan alleenlik deel hê aan die Gees in soverre ons ons verbind aan Christus en daarom kan die Gees op geen ander manier gevind word as deur die Persoon van Christus nie (*Efesiërs kommentaar 262*).

Inleidend

'n Leraar het eendag aan 'n moeilike siek man in 'n hospitaal gevra of hy maar vir hom 'n gebed kan doen. Na 'n ongemaklike stilte het hy gesê dat hy dit maar kan doen. Toe die leraar klaar gebid het, het die siek man gesê: "*Jy het vandag vir 'n baie dors skaap water gegee.*" In ons gedeelte sê Jesus dat Hy baie dors is, maar diegene wat aan Hom die suur wyn gee, het self nie eens geweet hoe dors hulle self is nie. Jesus het na iets gedors waarna ons almal tog maar op soek is. In Augustinus se bekende woorde: "*Ons hart bly onrustig tot dit rus vind in Hom.*"

Tema: Jesus les ons geestelike dors deur sy Gees aan ons te gee

1. Jesus se dors na geregtigheid

Jesus het geweet dat die einde van sy aardse pad baie naby is. Met hierdie wete sê Hy: "*Ek is dors.*" Hy sê dit nadat hy tot die besef gekom het dat die prys om sondaars mee los te koop, klaar onderhandel en die volle prys betaal is. Hierdie uitdrukking (*teleoō*) het te make met tolgeld wat betaal moes word. Hierdie deurgangsgeld na die Vader is vir alle sondaars betaal, maar ons weet dat nie alle sondaars daarvan gebruik maak nie.

In *Matt 5:6* leer Jesus dat ons moet dors na wat reg is. Nou dors sy hele wese hierna. Hy is bereid om die volle prys te betaal wanneer Hy sy lewe as 'n losprys vir mense se sonde gee (*Matt 20:28*). Jesus wat self die Lewende Water is, roep nou uit dat Hy dors is. Maar hierdie dors was ook sy oorwinningskreet, die uitroep van iemand wat die beker van die Vader se toorn drink tot die laaste druppel toe. Deur sy lyding het Hy geleer wat gehoorsaamheid is (*Hebr 5:8*).

In *1 Korintiërs 13:6* staan dat die mens wat liefhet nooit kan bly wees oor onreg nie, maar bly is oor die waarheid. Ons moet egter veg teen onreg soos teen 'n siekte. As jy siek is dink jy mos aan hoe dit gaan wees en wat jy alles gaan doen wanneer jy weer gesond is. As ons vandag teen onreg baklei en opkom vir die waarheid, dan sal môre mos baie mooi wees. Luther sê dat as jy nie die hele wêreld kan verander nie, kyk dan ten minste wat jy kan verander. Ons mag nooit een onreg met 'n ander vervang nie. Ons moet by die waarheid van die Woord bly sodat ons 'n beter môre kan hê. God word nie dors soos mense nie. Sy honger en dors het te make met wat reg is en mense skep daardeur weer moed.

2. Jesus se dors na heilige afsondering

In *Jesaja 6* word die profeet tot diens geroep. In vers 7 word sy lippe met 'n kool vuur aangeraak (*Jes 6:7*). Hy is nou die gestuurde profeet van God. Ons gedeelte meld die hisoptakkie waarmee die suur

soldatewyn vir Hom aangebied is. Dis asof God sy Seun se lippe met hisop self kort voordat Hy 'n lewensbelangrike uitspraak maak. Hisop is gebruik wanneer die Paasfees voorberei is. Die bloed van die paaslam is aan die deurkossyne met hisop gesmeer. Maar hierdie jaar sterf Jesus aan die kruis as die Offerlam vir die mensdom se skuld, terwyl die offerlamms voorberei en die bloed aan die kossyne gesmeer word. Deur die hisoptakkie word Hy simbolies as die offer afgesonder en sy bloed keer ons weg van God se woede oor die sonde. Hy is sonde gemaak ter wille van ons (2 Kor 5:21).

Hy sterf nie stil-stil nie, maar sterf met 'n harde geroep met woorde van geregtigheid. Dis nie 'n saak van hoorsê nie, maar Hy verklaar dat die werk voltooi is. Hy roep dit hardop uit. Sy aardse bediening stop met hierdie kruiswoord. Sy verheerlikte bediening gaan egter voort wanneer Hy sy Gees gee. Hier heilig God sy Seun. Hy sonder Hom dus af om in sy diens iets baie besonders te doen. Hy het Hom afgesonder om vir sondaars versoening te bewerk. Anders gestel: God het sy Seun gebruik om mense naby aan Hom te kry. Hy het hulle nou deur die allerheiligste deel van die tempel laat beweeg tot teenaan God. Die mense het nou die reg verkry om kinders van God genoem te word (Joh 1:12). Ons is dus nie net vër van die wereld af nie, maar ons staan nou teenaan God. Dis wat heilig en afgesonderd ten diepste beteken. Dit alles het Jesus aan die kruis vir ons reggekry. Wil ons heilig en afgesonderd vir God wees? As ons *ja* sê, dan beteken dit dat ons niks meer met die sonde te doene wil hê nie (1 Joh 3:9). Dan gaan ons God se nabyheid intens beleef. As ons *nee* sê, dan kruisig ons Jesus opnuut weer en bespot ons Hom (Hebr 6:6). Daarom moet ons ons kruis ter wille van Hom dra (Luk 9:23). Is jy en ek bereid om dit te doen? Onthou wat die prys is – hoe verder van die sonde, hoe nader aan God!

3. Jesus se dors na oorhandiging

Ons weet mos dat Johannes dikwels in simbole praat. Ook wanneer hy hier sê dat Jesus sterf, gebruik hy letterlik die woorde: "*Hy het sy gees oorhandig.*" Maar ons kan hierdie gees nie anders beskou as die Heilige Gees nie, want Christus het tog nie 'n ander gees in Hom gehad as die Heilige Gees nie. Johannes wil egter 'n baie sterk boodskap oordra naamlik dat Jesus alleenlik sy Gees kan gee wanneer Hy sterf en dus alles gedoen het wat die Vader vra, insluitend om sy lewe te gee – vrywillig!

Die mens se siel dors na iemand wat die offer aan die Vader kon bring en volkome versoening kon bewerk. Verder roep die dors siel van die mens om die leegheid wat sonde bring, op te vul met iets nuuts. En hierdie nuutheid het alles met Jesus se persoon en werk te doene. Met Jesus se dood, is die Gees van Christus dus aan die mens gegee wat selfs nie eers daarvoor gevra het nie. Dis egter nog nie die pinksterverhaal van 20:22 nie. Daar blaas Hy oor hulle en verklaar dat hulle nou die Heilige Gees ontvang het. In hierdie gedeelte egter gee Jesus sy Gees as 'n geskenk wat Hy by sy dood oorhandig – Hy gee aan die dors skape, water. Deur sy dood kom daar nuwe lewe vir gelowiges (1 Pet 2:24).

In *Johannes 7:38* sê Jesus dat strome lewende water uit die gelowiges se binneste sal vloei en onmiddellik daarna word in *vers 39* gesê dat die Gees nog nie daar was nie. Jesus wil dus met 'n dringendheid sy Gees aan die mense gee, maar Hy moet self eers sterf. Ons moet eers in Jesus glo voordat hierdie seën op ons kan kom.

Dit is ten diepste wat hierdie tekste vir ons wil sê. Glo eers dat jy Hom nodig het en dan sal jy nooit weer dors kry nie (4:13-14). Die Gees van God sal dus ons dors na die lewende God les.

Die vraag is natuurlik of mense met dieselfde dringendheid hierdie lewende water wil ontvang en verder wil aangee. Ons kan alleen maar iets gee wat ons het. As ons die Gees deur Jesus se dood ontvang het, kan ons ook die lewende water aan ander gee.

Wanneer ons in Afrikaans sê dat iets die gees gegee het, beteken dit dat dit nie reggemaak kan word nie. Wanneer Jesus dit sê beteken dit dat dinge nou gaan regkom. Wanneer Hy sterf begin ons lewe, wanneer Hy sy Gees gee, begin ons gees te lewe.

Slot: Oral is daar vandag baie dors mense. Mense wat op soek is na die sin van die lewe. Die Woord het die antwoord. Hierdie lewende water kan alleen by ons uitkom deur Jesus se dood en sy oorhandiging van die Gees. Hierdie Pinkster kan die kerk dus gerus weer 3 dinge onthou:

- dat ons dors na dit wat reg is, net versadig kan word indien Jesus self daardie dors kom les – wanneer Hy dus tevrede is;
- dat die Gees ons lewens wil heilig en ons dus eenkant wil plaas om meer saam met Jesus en soos Jesus in die wereld op te tree;
- dat die kerk en dus elke gelowige, die Heilige Gees alleenlik kan ontvang wanneer ons die kruisdood van Jesus ten volle aanvaar. Eers wanneer Hy sterf en ons ou natuur saam met Hom, dan word die Gees se werk in die kerk se optrede duidelik sigbaar.

(Dr Charles Mitchell – NG Kerk Heuwelsig)

6. "UNIEK IS EKSENTRIEK" – DIE SKEPPINGSWERK VAN DIE GEES Genesis 1:1-2 en 2:7

Inleiding

Enige preek behels 'n klomp sweet. Voordat ek vir jou my preek gee, wil ek jou agter die skerms in neem om van die interessante en relevante werk te wys wat agter hierdie preek lê. Ons sal die toer in die drie fases deel waardeur die preek vorm gekry het.

1. Eksegetiese opmerkings

- a) Die eerste vraag wat opkom is: Waarom hierdie twee verse saamvoeg? Dit is 'n belangrike vraag, veral as 'n mens in ag neem dat hulle deel vorm van twee stelle narratiewe of tekseenhede. Alhoewel ons later in meer detail op die redes sal ingaan, wil ek net kortliks noem dat dit baie belangrik is om die mens as deel van die skepping te sien. Of anders gestel: Die God wat hemel en aarde (die totale skepping) gemaak het, is ook die God wat mense gemaak het, vir ons. Ons moet die een verstaan in die lig van die ander, vandaar die interessante saamvoeging van die twee tekste.
- b) Tog kan 'n mens steeds vra waarom 2:7 kies in stede van 1:26-28, wat tog deel vorm van die narratief vanaf 1:1. Die rede daarvoor is eenvoudig: Ons is veral geïnteresseerd in die verhouding wat daar bestaan tussen mense wat deel vorm van die skepping en waarin die asem van God (die Heilige Gees) geblaas is (2:7) – in plaas van die "beeld van God"-gedagte van 1:26-28 – en hulle plek en rol binne die heelal (1:1).
- c) Om dit anders te stel, ons het nodig om die woorde "in die begin" te lees bine die verhaal van die hele boek. Genesis gaan nie net oor "die begin" of die ontstaan van alles nie, maar eerder oor die "beginner". Die boek handel om die waarheid te sê oot twee ontstaansverhale: eers die ontstaan van die hele skepping (veral hfst 1) en dan die ontstaansverhaal van Israel (12 – 50), met hfst 2 – 11 tussenin die skeppingsverhaal en die roeping van Abraham. Hierdie gedeelte vorm ook 'n voorbereiding vir die Abrahamverhale. Alhoewel dit voel of hierdie twee ontstaansverhale ver uitmekaar lê, is hulle nou verwant. Om die boodskap van die openingshoofstuk van Genesis (en verhaal die openingswoorde van 1:1) te verstaan, moet 'n mens begryp dat die skeppingsverhaal vertel word vanuit die perspektief van die ontstaansverhaal van Israel in die latere hoofstukke.
- d) Alhoewel ons weet dat die boek Genesis gaan oor die ontstaan van die wêreld, mense en Israel, weet ons ook dat dit nie *in* die begin geskryf is nie. Nie alleen het hierdie kennis groot implikasies vir hoe ons die genre van die teks klassifiseer nie – dat dit nie 'n wetenskaplike verslag oor die skeppingsverloop is nie, maar 'n teologiese geloofsverklaring in God ons Skepper – maar dit openbaar ook die teks se inklusiewe en holistiese greep op die werklikheid. Teen die agtergrond van onderdrukking – ballingskap in Babilon – vertel dit die verhaal van die skepping op 'n universele manier sodat dit ook al hierdie volke insluit. God se betrokkenheid is nie net met ons nie (Israel of die kerk), maar met die hele skepping. God se betrokkenheid het nie begin by Abraham, of Israel of die kerk nie, maar is letterlik van die begin af daar.
- e) Verder is dit interessant om daarop te let dat voordat God Israel se Skepper was, was Hy al hulle Verlosser. Die eerste ding wat hulle geglo en bely het was dat God hulle gered en uitgelei het uit Egipte. Eers toe hulle met vreemde skeppingsverhale gekonfronteer is tydens hulle ballingskap in Babilon, het hulle opnuut begin bely dat hierdie God wat hulle Verlosser is, ook hulle Skepper is. Dus, skepping, verlossing en roeping behoort bymekaar. Om oor die een na te dink, bring jou gou genoeg by 'n beter verstaan van die ander uit.
- f) En laastens, ons lees Genesis 1 – 3 nie as *wetenskaplike* en *historiese* verslae van *hoe* alles tot stand gekom het nie, maar as *teologiese* tekste wat verklaar *wie* alles geskep het en met *watter* spesifieke doel.

2. Hermeneutiese opmerkings

- a) Ons kan ons konteks (tyd en plek) beskryf as een wat hoë vlakke van individualisme, materialisme, misdaad, armoede en voorspoedsgodsdien bevat. Ons leef in 'n tyd waar die lewe self bedreig word deur individue wat hulleself nie sien as mense deur ander mense (*ubuntu*), en besef dat die lewe net gelewe kan word in 'n gemeenskap nie. Baie mense word groot sonder om aan 'n gemeenskap te behoort (gebroke huise en families), en wanneer hulle uiteindelik so 'n gemeenskap vind, is dit dikwels gewelddadig en destruktief (bendes). Nie alleen is daar dikwels van die begin af geen basis-gemeenskappe nie, maar mense word "opgevoed" van jongs af met die idee dat ware vryheid en lewe lê in selfverwesenliking en nie selfopoffering nie. Ons leef in Suid-Afrika met die ideologie dat dit rykdom is wat ons moet deel, terwyl dit in werklikheid armoede is wat ons geroep is om met mekaar te deel. Die toestand van ons land vra na 'n andersoortige (eksentrieke) lewe, wat gekenmerk word deur eenvoud, samehorigheid en afhanklikheid van mekaar.
- b) Om die waarheid te sê, nie net die toestand van ons land vra daarna nie, maar die toestand van die hele skepping! Besprekings oor aardverwarming en ekologiese intelligensie vorm ons toekoms. Gelukkig is daar by meer mense die groeiende besef dat *ons* nie God se skepping is nie, maar net 'n *deel* daarvan. Daarby is ons absoluut afhanklik van die voortbestaan van die res van God se skepping. Die film van Al Gore, *The Inconvenient Truth*, se kernpunt is dat ons hulle nodig het, nie hulle vir ons nie. Om die waarheid te sê, die *global warning* vir ons tyd is dat dit nie oor ons en hulle gaan nie, maar oor ons almal wat in vrede en goeie verhoudings met mekaar leef.

3. Homiletiese voorstel: *Uniek is eksentriek*

Wat maak ons uniek? Wat definieer ons menswees? Wat maak ons anders en eiesoortig binne God se skepping? In kort: Wat laat ons lewe?

Sommige mense sal sê: "Ag, dit is nie moeilik om te antwoord nie. Dit is maklik. Dit is die feit dat ons 'n siel het. Dit is ons siel wat maak dat ons anders en uniek is. Die rede is: *Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het* (Gen 2:7)." Ja, dit is waar, maar ons moet dit nog steeds interpreteer. Dit is nie *die* antwoord nie, maar net die begin van 'n groter, veel meer omvattende antwoord.

Ek sal nooit die eerste lesing vergeet wat ek as teologiese student by die nou emeritus-professor in pastorale teologie, Daniël Louw, ontvang het nie. Hy het die lesing daardie oggend begin met die indringende vraag: *Wat is 'n siel?* Elkeen in die klas moes die vraag antwoord en uiteindelik het niemand dit reggekry nie. Die manier waarop hy daardie dag die vraag geantwoord het en wat hy vir ons geleer het, het my nie net gehelp om Genesis 2:7 beter te verstaan nie, maar ook die vraag na ons menswees en wat ons regtig uniek maak. Ek onthou sy woorde duidelik: "Ons *het* nie 'n siel nie. Ons *is* ons siele." Ek onthou ook nog sy verdere woorde tot vandag toe: "Die gehalte van ons siele word bepaal deur die gehalte van ons verhoudings."

Genesis 2:7 is 'n belangrike en inderdaad klassieke teks vir die ontwikkeling van 'n Bybelse antropologie. Ongelukkig is hierdie teks egter in die verlede gebruik om die mens te verdeel in liggaam en siel, stof en gees, en uiteindelik is daar voorkeur gegee aan die siel bo die liggaam, en die gees bo die stof. Wat daaruit gevolg het, was dat wat belangrik is vir gelowiges is die lewe hierna, nie hierdie lewe nie, die siel en nie die liggaam nie, geestelike dinge en nie stoflike dinge nie, die hemel en nie die aarde nie. Deur in sulke dualistiese terme te dink, was die fokus van die Christelike teologie nie alles-insluitend nie, maar baie beperk en radikaal uitsluitend.

Kortom, deur ons siele te verstaan as iets wat ons het, as 'n deel van ons, het uiteindelik daartoe gelei dat die Christelike geloof nie werklik belangstelling getoon het in hierdie lewe nie. Dit het werklik 'n *pie-in-the-sky-when-you-die-by-and-by*-godsdien geword.

Vandag word ons uitgedaag om die gevolge van so 'n denkrigting te konfronteer. Nie alleen het dit gelei tot 'n tipe skisofreniese bestaan waar geestelike en materiële dinge totaal van mekaar geskei word nie. Dit blyk ook dat meer en meer mense in Suid-Afrika leef asof al wat hulle het, die materiële is. En, nog erger, dat die materiële vir hulle die geestelike word. Ons leef in 'n tyd wat vir

mense preek dat materiële besittings, jong bruingebrande, getattoeëerde liggame, spesifieke etikette en handelsname, die dinge is wat jou as 'n unieke mens definieer.

In Genesis 2:7 is dit nie 'n geval van *wat* gesê word nie, maar van *waarvoor* dit gesê word. Ons uniekheid lê nie in een van hierdie dinge nie – die stof of die gees, die dinge of die asem, of selfs in al hierdie dinge saam nie, maar in waarvoor dit bedoel was. Ons uniekheid is dus nie ontologies nie, maar missiologies. Wat ons werklik mense maak, en dus uniek, is dat ons geskep is met 'n spesifieke *taak* en met spesifieke *verantwoordelikhede*. Dit doen ons alles in 'n gemeenskap en deur ons *verhoudings* met ander mense. Sonder enige kennis van wat voor en na hierdie spesifieke vers gesê word, is dit nie regtig so uniek nie. Ons uniekheid lê in ons verstaan hiervan binne die groter verhaal van die Bybel.

Ons maak 'n fout as ons dink die titel *Genesis* (wat letterlik “die begin” of “ontstaan” beteken) verwys net na Genesis 1:1, want dit gaan ook oor die begin en ontstaan van Israel wat ons in Genesis 12 – 50 kry. Alhoewel verwyder van mekaar, word hierdie twee ontstaansgeskiedenis voorgestel as in noue verband. Om dus die boodskap van die openingshoofstukke van Genesis te verstaan, moet 'n mens insien dat die verhaal van die heelal se ontstaan vertel word vanuit die perspektief van Israel se ontstaan in die latere hoofstukke. Die skeppingsverhale is nooit bedoel om vir ons te vertel *hoe* die wêreld tot stand gekom het nie, maar eerder *wie* alles geskep het en met *watter* oogmerke in gedagte. Die Een wat ons *geroep* het, is die Een wat alles *geskep* het!

Daarom moet ons Genesis 2:7 saamlees met Genesis 1:1. Nie alleen onderstreep dit die alles-insluitende skepping van God nie – hemel en aarde, stof en asem – maar dit help ons ook om onself te sien as deel van die groter prentjie van God se skepping van hemel en aarde. As ons nie onself verbind aan die res van die skepping nie, mis ons die punt. Die koppeling van Genesis 1:1 met 2:7 en die lees van die een teen die agtergrond van die ander, is waaroor dit gaan. Dit is hierdie verbintenis met alles anders wat ons mense maak en die verhaal van die skepping werklik uniek.

Hierdie verbintenis is ook die hoofpunt van die eerste skeppingsverhaal. In Genesis 1:1 – 2:4a is die hoogtepunt nie dit wat op die sesde dag gebeur nie, maar die rus van die sewende dag wanneer alles wat God gemaak het, in harmonie en vrede met alles anders rus. Ons maak 'n fout as ons dink óns skepping op die sesde dag was die hoogtepunt van die storie. Nee, die idee om die skeppingsverhaal te struktureer binne die verloop van 'n week was om die interafhanklikheid van alles met mekaar te beklemtoon. En, as ek mag sê: Die mensdom is afhanklik van die res van die skepping, want ons kon net bestaan nadat alles anders geskep is, en nie andersom nie. Hulle is nie so afhanklik van ons nie. Dit is óns wat hulle nodig het! Om die Wêreldbekeradvertensie 'n bietjie aan te pas: *Ons siele is groen!*

Om hierdie lewe te lewe moet ons ons plek vind binne God se skepping. Hierdie lewe in die Gees is nie te kry in een of ander geestelike deel van ons nie (spiritualisme), of binne die ding self nie (materialisme), maar presies daar waar ons in goeie interafhanklike verhoudings leef met die res van die skepping. Om uniek te wees, om te beantwoord aan die doel waarmee God ons geskep het, beteken om hierdie lewe te verstaan binne die groot en wye horison wat God geskep het. Om uniek te wees, beteken nooit om *egosentries* te wees nie, om te vra “Wat kry ek daaruit?” nie (dit is basies wat tot die sondeval gelei het), maar is van die begin af bedoel om 'n andersoortige lewe te wees, om in 'n verhouding met jou medemens te wees en gehoorsaam aan die wil en opdrag van God, en dus *eksentries*. Lewe is nie in onself nie, maar daar buite waar ons kontak maak met die breedte en diepte van God se skepping.

Ons vind dat *Uniek is eksentriek* 'n refrein is deur alles wat ons glo oor 'n lewe in die geloof. Die eerste ding wat ons glo oor God is dat Hy 'n *Drie-eenheid* is, altyd in verhouding met Homself. Dit gaan nooit oor die Een persoon nie, maar altyd oor die Ander, oor kontak met Homself. Die Gees bind die Seun en die Vader van “die begin” af aan mekaar, sodat ons Skepper ook ons Verlosser kan wees, en omgekeerd. God openbaar aan ons deur dit alles dat dit nooit, met respek gesê, gaan oor sy eie Ego nie, maar oor 'n lewe daarbuite, eksentriek met en vir die ander.

Ons weet dat die wonder van die *Kersgebeure* en die *Vleeswording* nie net was oor God wat mens word (om te leef soos ons leef) nie, maar oor God wat hierdie spesifieke Mens word wat sy eie

Ego opgee, anders leef, en sy lewe deel met ander. Ons onthou van die *Epifanie* dat Hy gelei is deur die Gees en die Vader se wil om sy solidariteit te betoon met alles en almal wat leef. In die *Lydenstyd* het ons dit oordink dat Hy alles opgegee het en nie vir Homself gelewe het nie, maar vir ander. Met *Pase* het ons dit gevier dat sy eksentrieke lewe nie geëindig het by die kruis nie, maar gelei het tot 'n oorvloedige, ewige opstandingslewe! In die tyd van afwagting van die uitstorting van die *Heilige Gees*, het ons onthou dat dit spesifiek die gekruisigde Heer was wat uit die graf gekom het. En met *Pinkster* ontvang ons niks anders as sy Gees nie.

Deur die *doop* kan ons nou sterf aan onself en sy lewe ontvang. Ons behoort aan 'n *gemeenskap van gelowiges* wat leef as sy liggaam en ons vier in die *Nagmaal* dat hierdie spesifieke voedsel en manier van lewe ons aan die lewe hou.

Daarom, deur getrou te bly aan die manier waarop ons geskep is, aan die manier waarop Hy aan ons geopenbaar is deur sy kruis en opstanding, leef ons in en deur sy Gees 'n *unieke, eksentrieke lewe!*

(Ds Martin Laubscher, NGK Heuwelsig)

7. DIE HEILIGE GEES EN ONS HEILIGHEID **Romeine 8:1-17**

Wat gelowiges nie deur eie krag kan bereik nie, dit word moontlik gemaak deur die werk van die Heilige Gees.

Die Jode van die Ou en Nuwe Testament het hulleself beoordeel deur die Wet te sien as die herinnering aan alles wat hulle ooit verkeerd gedoen het. Toe Jesus gekom het, het Hy die eintlike bedoeling van die Wet verduidelik. Hy het verduidelik dat God nie wil hê dat ons 'n wettiese sisteem moet gehoorsaam nie, maar dat ons vry sal wees om te glo, goed te doen en lief te hê – omdat ons reeds vrygespreek is van die Wet se veroordeling op grond van Jesus se verdienste. God wil dus dat ons gelukkig sal wees, dat daar vrede in ons verhouding met Hom en ons naaste sal wees en dat ons vol vreugde oor die verlossing sal lewe. Ons foute, ons sonde, is vergewe, dis weg, want God sien dit nie meer raak nie!

1. Die Heilige Gees bevry gelowiges (1-4)

Volgens Paulus het die Gees gekom om ons die verskil te leer tussen die Wet as 'n instrument waardeur ons geleer word en die Wet as 'n instrument waardeur ons geoordeel en beoordeel word. Die Gees help ons verstaan wat die bedoeling met die Wet regtig is en wat dit ons leer. Ons fisiese, nie-geestelike lewe (die vlees) lei ons na 'n wettiese kode. Maar as ons deur die Gees gelei word, verwerp ons die wettiese kode. En as ons dit verwerp, dan ervaar ons nie meer "veroordeling" nie. Waar kom die "veroordeling vandaan? Van ons eie nie-geestelike, vleeslike natuur af! Die verlossing van hierdie selfveroordeling kom dus deur Christus se verlossingswerk. Daardeur skenk Hy aan ons 'n heel nuwe lewensingesteldheid: "die Gees van die lewe!" Jesus se bevryding bring lewe; die wettiese ingesteldheid bring veroordeling en dood. Omdat Christus ons bevry het, hoef ons nou nie meer onself te veroordeel nie. Ons kan as bevryde mense lewe!

Wat was die wet nie by magte om te doen nie? Om skuld en skuldgevoelens uit die weg te ruim. Die ingesteldheid van selfveroordeling en die ewige herinnering aan ons skuld, dit het die Gees kom wegneem. Jesus het mens geword, net soos ons. Hoewel Hy ook, soos 'n gewone mens, aan die sonde uitgelewer was, het Hy nie daarvoor geswig nie. Hy het dit oorwin. Daardeur het Hy ons bevry van die wettiese verstaan van die Wet. En daarom kan ons nou op 'n nuwe manier na die Wet kyk. Nie as iets wat ons die hele tyd veroordeel omdat ons nie daaraan kan voldoen nie, maar as 'n leermeester, as 'n geestelike kode wat ons help om op 'n nuwe manier te lewe.

2. Daar is 'n groot verskil tussen mense wat hulle deur die Gees laat lei en hulle wat nog in hulle sondige, vleeslike bestaan vasgevang sit (5-13)

Die Jode wou al hulle fisiese rituele van die Judaïsme nog bindend maak op alle Christene. Dit sou hulle dwing om die Wet steeds te sien as 'n stel reëls, rituele en offergebruike, eerder as 'n geestelike instrument om ons mee te onderrig. Dan sou hulle nie hulle lewens op geloof en liefde kon bou nie, maar op fisiese dinge. Mense wat egter die Wet as middel tot onderrig sien, kan hulle lewe en gedagtes dan rig op die veel belangriker geestelike dinge.

Hulle wat nog lewe onder 'n wettiese sisteem – die vleeslike of fisiese ingesteldheid – se lewens eindig in 'n geestelike doodsheid, 'n ewige selfveroordeling en 'n onvermoë om te groei in heiligmaking. Dié gesindheid is die teenoorgestelde van 'n vredevolle aanvaarding van die vergiffenis wat Christus vir ons verwerf het, en wat God graag vir ons wil gee. God is 'n God wat genade gee, eerder as om ons te bly straf; Hy vra 'n opregte, gelowige hart, eerder as 'n klomp skuldoffers.

Enigeen wat nie hierdie Gees het nie, hom of haar nie deur die Gees laat lei nie, hulle wat hulle met ander woorde nog onder die veroordeling van die Wet stel, is nie kinders van God nie. Die volgelinge van Jesus is hulle wat hulle deur die Gees laat lei. As die Jode beweer mens kan die Wet onderhou en 'n Christen wees, dan praat hulle nie die waarheid nie.

Om 'n volgelinge van Jesus te word beteken nie ons word sonder sonde nie, sonder die vermoë om die verkeerde te doen nie. Intendeel. Maar, terwyl ons nog sondaars is, weet ons ook van die regverdiging, die verlossing. En in plaas daarvan om op die sonde en die oordeel te fokus, leef ons al hoe meer dankbaar omdat ons verlos is. Dit keer die gees van veroordeling om in 'n positiewe rigting, 'n fokus op die verlossing. Ons kan sonder skuld lewe.

Dit alles beteken dat ons nie meer in vrees lewe nie, nie meer soos slawe van die Wet nie, maar soos kinders, kinders wat God hulle Vader noem. Vrygemaak, vry om te kan glo, lief te hê, gehoorsaam te wees en te kan dien.

3. Mense wie se lewens beheer word deur die Heilige Gees, lewe nou as kinders van God (14-17)

Hierdie nuwe verstaan van die Wet maak nou van slawe vry mense, volgelinge, kinders van God. Maar hulle word meer as net kinders. Paulus sê hulle word ook erfgename. Hulle word erfgename van al die gawes wat God beloof het, vir hierdie lewe en die lewe hierna. Hulle word mede-erfgename van Christus, erfgename net soos Christus. Dit beteken egter ook dat net soos Christus vervolgd en verwerp is deur die mense, omdat Hy 'n nuwe verstaan van die Wet verkondig het, netso sal volgelinge van Christus ook vervolgd word. Maar ook daarin sal hulle God verheerlik.

Aan ons word 'n Gees gegee waardeur ons tot God kan roep Abba, Vader (8:15). Ons is vry, ons is as kinders aangeneem, ons kan op God vertrou, ons hoef nie meer te vrees nie. Hierdie Abba, Vader, is die uitroep van 'n kind wat kinderlik vertrou, wat nie meer vrees nie.

Die Heilige Bernard het in 'n preek oor die gedeelte eenmaal gesê: Ek glo dat die getuigenis van die Gees in ons harte die volgende drie dinge beteken: Eerstens, glo dat jy vergifnis van sonde net kan verkry deur die genade van God. Tweedens, moenie 'n enkele goeie werk jou eie noem nie, dit is aan jou gegee. En dan, glo dat jy nie jou verlossing kan verdien deur enige goeie werke nie, want die verlossing word aan jou gegee deur genade alleen." Ons is alleen geregverdig deur die genade in Christus.

(Ds Tsheliso Monyatsi – VGKSA Bothabelo)

8. DIE KERK AS TEMPEL VAN DIE HEILIGE GEES 1 Korintiërs 3:16

Inleiding

Dit sal gepas wees as ons ons bespreking van “Die kerk as die tempel van die Heilige Gees” begin deur die gedagtes van Johannes Calvyn op die tafel te sit oor die “heilige katolieke (algemene) kerk”. Sy *Institusie van die Christelike godsdiens* is 'n *magnum opus* in die Christelike teologie en bly die belangrikste bron vir ons bespreking. Calvyn het soveel waarde aan die verstaan van die kerk geheg dat hy amper 'n derde van sy *Institusie* aan die gesprek wy. Ons sal in hierdie inleiding nie poog om Calvyn se denke oor die kerk uit te put nie, maar bloot om sy gedagtes te koppel met ons teks (1 Korintiërs 3:16).

Calvyn volg in sy *Institusie* die tema van die Apostoliese Geloofsbelydenis. In Boek 1 skryf hy oor God die Skepper, in Boek 2 oor God die Verlosser, in Boek 3 oor God die Heiligmaker en Boek 4 handel oor die kerk en die gemeenskap van die gelowiges. Dit is hier in Boek 4 dat ons 'n goeie greep kry op Calvyn se verstaan van die kerk.

Die eerste punt wat Calvyn in Boek 4 maak in sy bespreking van die kerk, is dat die effektiewe prediking van die Evangelie aan die kerk gegee is waardeur “geloof in ons gebore mag word” (*Inst* IV,i,1). Sy gedagtelyk laat nie ruimte vir die kerk om 'n hiërargiese struktuur te wees wat deur priesters, biskoppe en 'n pous gelei word nie, maar eerder as 'n “organiese” en “mistieke” eenheid en liggaam, God se uitverkore mense. Daarby glo Calvyn ook dat God graag sy kinders in die boesem van die kerk plaas om versorg en gevoed te word tot volmaakte geloof.

Vir Calvyn moet die suiwer bediening van die Woord en die viering en bediening van die sakramente in die kerk erken word en alhoewel daar foute mag inkruip in die bediening van die Woord en die sakramente, moet 'n mens jou nooit onttrek aan die deelname daaraan nie (*Inst* IV,i,12). Deur dit te sê, wil Calvyn beklemtoon dat 'n mens nie oor elke klein verskilletjie die kerk moet verlaat nie.

Calvyn gebruik die voorbeeld van die Korintiese gelowiges om sy punt te staaf (*Inst* IV,i,14). Hy sê dat die Korintiese gemeente korrup was in optrede en in leer; dat daar in hulle geleedere vleeslike en geestelike mense was. Hy gaan so ver om te sê dat dit nie net 'n paar mense was wat gefouteer het nie, maar dat omtrent die hele liggaam besmet geraak het en dat sommige van die oortredings van die ergste denkbaar was (*Inst* IV,i,15), en dat 'n mens jouself nie moet verwyder uit die kerk oor vleeslike mense nie. Dit is in die lig hiervan dat Calvyn verwys na Paulus se opmerking dat elke mens homself moet ondersoek en nie ander nie of “dat almal die kerk moet ondersoek” (*Inst* IV,i,15), wat die deelname aan die Woord en sakramente bepaal. Hy haal Paulus in 1 Kor 11:27 aan: “Elkeen wat op 'n ongepaste wyse van die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan sonde teen die liggaam en die bloed van die Here.” Calvyn se verstaan hiervan is dat dit “nutteloos is om te soek na 'n kerk wat vlekkeloos is” (*Inst* IV,i,13).

Beteken die bespreking hierbo dan dat die kerk onheilig is? Calvyn is van mening dat die heiligheid hier beskryf word as 'n heiligheid wat “nog nie volmaak” is nie, maar dat 'n mens daagliks vordering maak, want die Here “is daily soothing its wrinkles and wiping away its spots” (*Inst* IV,i,17).

Nog 'n waardevolle bydrae van Calvyn is sy onderskeiding tussen die “sigbare” en “onsigbare” kerk. Vir Calvyn is die kerk 'n geestelike entiteit, gebaseer op en tot stand gebring deur God se soewereine dekreet van ewige uitverkiesing. Dit is wat sedert die Reformasie genoem word die “onsigbare kerk”. Alhoewel hierdie begrip sonder twyfel verkeerd toegepas en misbruik is, is dit steeds belangrik omdat dit wys op Calvyn se aandrag dat die kerk fundamenteel na binne gerig is. Dit is nie iets wat primêr in uiterlike vorme en styl bestaan nie. Die kerk is 'n geestelike gemeenskap van die uitverkorenes, “saamgebind deur die een leer en die een Gees van Christus”.

Terselfdertyd wys hy daarop dat die kerk “sigbaar” is, “die hele menigte, versprei regoor die wêreld, wat een God en Jesus Christus aanbid” (*Inst* IV,i,7). Dit is die liggaam van almal wat deel vorm van die kerk in sy ware en geestelike aard, insluitend die vervolgte kerk.

Calvyn erken dat hierdie tipe kerkwees vals mag wees. Hy wys daarop dat daar baie vals gelowiges is en dat die kerk nie met sekerheid kan sê wie deel vorm van die onsigbare kerk nie. As 'n mens 'n kredietwaardige belydenis het, 'n goeie lewe lei en deelneem aan die sakramente, word hy geag as 'n ware Christen. Dus word die onsigbare kerk opgemaak uit almal wat 'n *credible profession* van geloof in Christus as Verlosser en Here maak.

Dit is met hierdie agtergrondkennis van Calvyn en sy sienings oor die kerk dat die teks voor ons (1 Kor 3:16) ontleed sal word.

Preek: 1 Korintiërs 3:16

Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?

1. Teks binne konteks

Calvyn plaas 1 Kor 3:16 binne die konteks van v 1-15. In v 1-4 sê Calvyn dat Paulus die lesers oor hulle vleeslikheid aanspreek. In v 5-9 sê Paulus hoe bedienaars van die Woord behandel moet word en onderstreep die doel waarvoor God hierdie mense eenkant gesit het. In v 10-15 dui Paulus aan hoe elke prediker se doel en werk getoets sal word (Calvyn 1948:142).

Die teks voor ons moet dus gesien word teen Paulus se gedagtevloei vanaf die vorige verse (v 1-15).

Die progressie wat ons hier raaksien is dat Paulus beweeg vanaf die Korintiërs se vleeslikheid na hoe hulle hulle dominees moet hanteer, na hoe die werk van die evangeliedienaars getoets sal word om te sien of hulle die regte ingesteldheid teenoor die opbou van die kerk van God gehad het. Dit is hoe Calvyn ook die progressie in Paulus se gedagtegang sien.

Dit is dan in v 16-23 dat Calvyn meen Paulus, nadat hy die vleeslikheid van die Korintiërs uitgewys het en die evangeliedienaars op hulle taak gewys het as meesterbouers van die huis van God, nou die Korintiërs aanspreek deur te sê: "Julle is die tempel van God."

2. Met wie praat Paulus?

Hierdie vraag word belangrik omdat dit 'n rol speel in ons verstaan van die verhouding tussen die Heilige Gees en die kerk. Gewoonlik word sulke verse gesien as dat dit verwys na die individuele gelowige. Die Griekse woord gee vir ons 'n aanduiding van wie Paulus hier aanspreek. Die woord in die Grieks is in die meervoud, dus "julle", m a w die hele gemeenskap van gelowiges van die kerk in Korinte.

Die beeld wat Paulus dus oordra is dat die Heilige Gees leef in die vergadering van gelowiges – vleeslik en geestelik – en nie soseer in die individuele gelowige nie. (Sien die inleiding hierbo.) Paulus sê dus vir die kerk in Korinte dat hulle (meervoud) 'n afgesonderde groep mense van die heidene rondom hulle is en dat dit in hulle is wat die Gees van God woon. Dit word verder versterk deur hoe die woord "tempel" hier gebruik word.

3. Die regte verstaan van die tempel

Die letterlike weergawe van die Griekse woord hier is "heilighdom". Dit verwys hier nie regtig na die heilige ruimte nie, maar na die "Heilige" en die "Allerheiligste" van God. Dit verwys na die ingeslote ruimte waar God die hoëpriester ontmoet het. Paulus sê dus vir die gelowiges in Korinte dat hulle die "allerheiligste" plek van God is. 'n Mens moet in gedagte hou dat die heidense tempels in en om Korinte afbeeldings bevat het van die afgode wat aanbid is. Daarteenoor sê Paulus dat God nie woon in huise wat deur mense gebou is nie (Hand 7:48). Die Gees van God kan nie langer vasgevang word in 'n heilige gebou nie. Hy kan gevind word daar waar God se uitverkore mense bymekaarkom. Matteus verwys hierna as hy in Matt 18:20 sê: "want waar twee of drie *in my Naam* saam is, daar is Ek by hulle."

Daarom is die korrekte verstaan van die tempel in hierdie konteks nie 'n gebou of 'n individu nie, maar die gemeenskap van gelowiges. Dit is binne hierdie konteks dat Paulus aan die Korintiërs sê waar die Heilige Gees woon. 'n Mens moet altyd onthou dat hierdie gemeenskap waarbinne die Gees

woon, deur God self geskep is. Calvyn gebruik terme soos “verkiesing”, “predestinasie”, “geroep”, ens om te beklemtoon dat hierdie gemeente deur God versamel is deur die Heilige Gees en daarom woon God deur sy Gees in hulle.

4. Die verhouding tussen die kerk (gemeenskap van gelowiges) en die Heilige Gees

Dit lyk asof Johannes Calvyn aandui dat die “onsigbare” kerk binne die “sigbare” kerk voorkom. Die sigbare kerk is die groep mense wat Jesus aanroep in die kerk in sy ware en geestelike aard. Soos vroeër genoem blyk dit dat Calvyn toegegee het dat sommige van hierdie gelowiges se belydenis vals kan wees en dat die kerk nie regtig kan vasstel wie in die kerk is vals en wie behoort aan die onsigbare kerk nie; net God weet dit. Nogtans beskou Paulus steeds die kerk as die liggaamlike plek waar God inwoon. Die Gees is die sleutel, die kern van hulle bestaan, en die Gees alleen sonder hulle af as God se nuwe mense. Daarom behoort die kerk 'n Geesvervulde en 'n Geesgeleide plek te wees, want dit is as gevolg van die Gees se inwoning in die kerk dat die kerk die heiligdom van God word en daarom heilig.

'n Mens kan wonder hoe die kerk heilig kan wees en tog is daar soveel vleeslikheid teenwoordig, soos in die kerk van Korinte. As dit die teenwoordigheid van die Heilige Gees is wat die kerk die tempel van God maak, waarom is daar soveel skynheiligheid, jaloesie, twis, verdeeldheid, ens? Hoe kan die belydenis gemaak word: “Ek glo in een *heilige*, algemene Christelike kerk”?

Calvyn spreek die vraag aan in sy *Institusie* en dit is hier waar ons die fundamentele werking van die Heilige Gees in die kerk kan sien. Calvyn verwys na Efesiërs 5:25-27 waar Paulus skryf: “... soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het. Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het, sodat Hy die kerk in volle heerlijkheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik.”

Die klem is hier dat die Heilige Gees in die kerk woon om die kerk heilig te maak (die gemeenskap van gelowiges wat die volk van God genoem word), deur die kerk te reinig van alle sonde om voor Hom gestel te kan word as die “heilige, algemene kerk”. Calvyn sê dan: “Sodanig is die heiligheid van die kerk. Dit maak daagliks vordering, maar is nog nie volmaak nie. Dit groei daagliks, maar het nog nie die doel bereik nie” (*Inst IV,i,17*).

5. Gevolgtrekking

Op grond van die teenwoordigheid van God deur sy Heilige Gees in die kerk en die werk wat die Gees van God in die kerk tot stand bring, deur dit van alle ongeregtheid te reinig, word ons vermaan om nie die tempel van God te “beskadig” nie (1 Kor 3:17), want God sal nie sy tempel wat heilig is, tot niet laat gaan nie. Ons word daarom geroep om nie die kerk te besoedel met sonde nie, maar om gesonde leer te verkondig deur Woord en sakrament, om eerbaar en geloofwaardig te lewe sodat ons die heiligmakende werk van die Heilige Gees in die tempel van God kan reflekteer.

In Calvyn se dinamiese denke is die Heilige Gees onlosmaaklik verbind aan die bediening van die Woord en die sakramente. Dit is hierdie suiwer erkenning in die leer wat die kerk sigbaar maak. Die Woord en die Gees bou die kerk. Dit maak nie saak in watter toestand die kerk is nie. God is deur sy Gees teenwoordig. Die kerk bly die tempel van die Heilige Gees waar Christus verkondig en geglo word.

(Ds Maniraj Sukdaven, RCA – Fakulteit Teologie, Universiteit Vrystaat)

9. DIE HEILIGE GEES, WAARHEID EN VERSOENING **Johannes 14:15-27**

Inleiding

As 'n mens lees hoe Calvyn oorlog en die gevolge daarvan verstaan het, besef jy dat hy 'n vredesgesinde mens was, toegewy aan die beginsels van die Skrif. Sy idees kan soos volg saamgevat word: Calvyn sien oorlog as een van die ergste booshede wat aan 'n nasie gepleeg kan word. Oorlog vernietig lewe en eiendom en laat 'n spoor van armoede, weduwees en wese agter en vertraag die vordering van die samelewing. Vandat sonde in die wêreld gekom het, bestaan twee opponerende magte, God en die duivel, of geregtigheid en die bose. Die invloed van die sonde op die mensdom veroorsaak haat en stryd tussen mense en nasies. Meer as 100 miljoen mense het al gesterf in oorloë en gewapende konflik. Die mees effektiewe wapen om oorlog teen te staan, lê juis in die Christelike evangelie. Ons moet oorlog nie teenstaan met die humanistiese propaganda van die pasifis nie, maar met die inhoud van die evangelie.

In 'n onlangse publikasie van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke oor die nalatenskap van Calvyn, word sy idees oor oorlog soos volg saamgevat: Eerstens is oorlog teen God se wil en mense raak in oorlog betrokke om God te verag (Deut 2:1-7). Tweedens bevorder oorlog die degradering van mense deurdat geregtigheid in geen oorlog erken word nie en mense soos wilde diere word. Derdens lei oorlog tot vervolging en vervolging is 'n toets vir die geloof. Daarom moet ons hoop dat nadat God die kerk getoets het, Hy die boosdoeners sal terughou. Laastens moet Christene wat in oorlog betrokke raak, weet dat hulle besig is om die goedheid wat God oor die mensdom uitgestort het, te vernietig. My verstaan van bostaande argument is dat oorlog boos is, teen die wil van God, en dat sy gevolge uitloop op haat en depressie. Dit behels 'n vergrype teen die waarheid en hoe langer oorlog duur, hoe moeiliker is dit om versoening te bewerk.

As 'n mens na ons konteks kyk met die fantastiese landskap van Suid-Afrika en die veelrassige samelewing, die verskriklike geskiedenis van apartheid en ons jong demokrasie, kan jy die goeie hand van God in die skepping van ons land sien en die hand van God wat ons gelei het deur die stormagtige fase van die geskiedenis tot by hierdie kalm en vredevolle tydvak. Ek noem hierdie fase kalm en vredevol omdat die hele wêreld verwag het dat ons in burgeroorlog sou verval, maar deur die genade van die Here het ons 'n gladde oorgang na demokrasie gehad. Ons het die burgeroorlog afgeweer wat verwoesting en die vernietiging van menselewe en eiendom sou beteken, maar intussen is ons gewikkel in 'n stille oorlog wat rassisme, stamgevegte, selfsugtigheid, korrupsie, misdaad en geweld insluit. Dit is waar ek dink dat ons die leiding van die Heilige Gees nodig het om ons te lei na waarheid en ware versoening.

1. Liefde vir Jesus en gehoorsaamheid aan sy opdragte (v 15, 21, 23-24)

Suid-Afrika word beskou as 'n Christelike land, en dit impliseer dat die meerderheid Suid-Afrikaners Jesus ken en Hom liefhet. Maar die vraag is of hulle sy opdragte gehoorsaam. Wat is sy opdragte? Die opdragte is 'n openbaring van die Vader en nie soseer etiese instruksies nie (Joh 17:6). Soos ek dit verstaan glo ek die opdragte van Jesus is al die uitsprake wat Hy oor God gemaak het en oor ons verhouding met ons naaste en die omgewing. Uit die teks en die bostaande opmerkings blyk dit dat ons liefde vir Jesus daartoe moet lei dat ons sy opdragte gehoorsaam en daardeur bly in God se liefde sodat God in ons midde sal bly.

2. Die vertrek van Jesus (v 18-19)

Baie kommentare sien hierdie perikoop as deel van sy afskeidsgesprekke. Jesus staan op die punt om sy dissipels te verlaat om verheerlik en verhoog te word. Maar Hy wil sy dissipels voorberei vir die afskeid sodat hulle nie verlate sal voel soos weeskinders nie. By die lees van vers 18 vind ons 'n teenstelling, waar Jesus sê dat Hy sy dissipels verlaat en dat Hy na hulle toe kom. Die vraag is: Wanneer gaan Hy kom? Dit mag verwys na die uitstorting van die Heilige Gees of na die wederkoms van Christus. Andersins, in ondersteuning van bostaande, lyk dit of Jesus se vertrek tydelik is (v 19),

dit is, alhoewel die wêreld Jesus nie meer gaan sien nie, sal die dissipels Hom gou weer sien. Jesus se herverskyning sal na sy opstanding wees, maar hierdie verskyning sal nie vir lank wees nie. Die doel van die herverskyning is om sy weesgelate dissipels te bemoedig. Laastens is Jesus se herverskyning 'n seker teken van lewe.

3. 'n Ander Voorspraak (v 16-17, 26)

In die Johannesevangelie word die name Parakleet (vertaal Trooster, Voorspraak en Bemoediger), Gees van die waarheid en Heilige Gees aan die Gees toegeken. Die Heilige Gees kom van die Vader en tree op namens die Seun (v 26). Jesus noem die Heilige Gees "'n ander Voorspraak" wat beteken dat die Gees van dieselfde aard as Hy is. Aan die ander kant impliseer Jesus dat die Gees ook die Parakleet (Raadgewer) is. Jesus het die rol van Voorspraak vervul terwyl Hy op aarde was. In hierdie teksgedeelte beskryf Jesus ook Homself as die dissipels se Voorspraak. Jesus is dus 'n Voorspraak van dieselfde aard as die Heilige Gees maar dalk met 'n ander funksie. As vleesgeworde kan Jesus nie vir altyd by sy dissipels bly nie (v 16). Dit is hoekom Hy weggaan en na hulle toe kom in die Heilige Gees (v 18). Die teenwoordigheid van die Heilige Gees is "onder hulle" en "in hulle". Dit impliseer die permanente inwoning van die Gees in sy dissipels. Hierdie tipe teenwoordigheid van die Gees help sy dissipels om hulle te laat geld in die wêreld. Die inwoning van die Gees beteken 'n eenwording met Christus (v 20) waar die Gees wat in Christus woon nou in die gelowiges woon. Dit hou in dat die koms van die Heilige Gees die ekwivalent is van die inwoning van Christus by en in sy dissipels. Die koms van die Gees hou ook in dat daar 'n nuwe verhouding met Christus is en Hy in hulle woon en nie maar bloot by hulle is nie. Die funksie van die Gees is reprodutief van aard, dit wil sê dit het altyd te doen met die werk van Christus. Dit hou die kollig op Christus, verheerlik Hom. Die Gees is die Een wat ons herinner (14:26), nie wat nuwe dinge ontdek nie. Die werk van die Heilige Gees is ook om raad te gee, om die dissipels se besluitneming te lei en in hulle te bly.

Laastens is die Gees ook die Een wat getuig en wat namens Christus as Trooster optree. Hy is die Hoofgetuie van Christus, want Hy was die intieme Begeleier van Jesus regdeur sy bediening. Kortom, die funksie van die Heilige Gees, soos beskryf in ons teks, is om te leer, om vir ons 'n nuwe verstaan van Jesus se openbaring te leer, maar nie noodwendig 'n nuwe openbaring nie. Die Heilige Gees herinner ons aan alles wat Jesus ons geleer het.

4. Gees en waarheid (v 17)

Die Heilige Gees word in die vierde Evangelie genoem die Gees van die waarheid, en dit is 'n meer presiese beskrywing wat die Johannese gemeenskap verkies het. Verder getuig die Gees van die waarheid (1 Joh 5:6), en lei die dissipels in die hele waarheid (Joh 16:13), en hou hulle weg van dwaling (1 Joh 4:6). Die Gees van die waarheid bring mense in kontak met die waarheid. Waarheid is 'n stel waardes en praktyke. Waarheid mag die enigste regverdiging wees wat die dooies mag hê in die proses van versoening.

5. Versoening (toepassing van die Skrif in ons lewe)

In die inleiding het ek genoem dat Suid-Afrika wel burgeroorlog afgeweer het, maar intussen gewikkel geraak het in 'n stille oorlog teen rassisme, stamgevegte, korrupsie, ens. Hierdie oorlog is sowel die vrug van die apartheidsera as van die demokratiese era waarin gulsige mense ons jong demokrasie wil uitbuit in hulle eie belang. As gevolg daarvan glo ek dat ons as 'n land steeds ly onder die gevolge van burgeroorlog, byvoorbeeld die geweldige armoede, weduweeskop as gevolg van moord, gebrek aan fondse as gevolg van korrupsie, ens. Gevolglik is die vrede wat ons veronderstel is om te geniet nie daar nie. In plaas daarvan het ons spanning, angs en woede. Baie mense dink ons het vrede omdat hulle dink vrede is die afwesigheid van oorlog, maar eintlik is vrede 'n geskenk as 'n mens getrou onder God se verbond leef. Vrede is algemene welsyn, liggaamlike gesondheid, goeie verhoudings, voorspoed soos deur God gegee op al die terreine van ons lewe, en die enigste bron is

Jahwe alleen. Die bostaande argument wys goed uit dat die vrede wat ons in Suid-Afrika het, 'n illusie is. Ons het steeds die ware vrede van God nodig. Vrede is 'n spesiale eienskap van die koms van die Heilige Gees en die doel van die Johannese gemeenskap was om 'n sentrum en teken van ware vrede te wees. Soos ek dit verstaan, glo ek ons as Suid-Afrikaners het die vrede nodig wat Christus gee, nie vrede volgens die wêreld se standaarde nie. Ons het Christus se vrede nodig wat in staat is om baie geestelike dinge in die hand te werk soos lewe, versoening en vrede.

In die Ou Testament het die ruach (Gees) van Jahwe gewone mense in staat gestel om buitengewone magte uit te oefen en aktiwiteite te verrig. Ek glo een van die buitengewone menslike aktiwiteite is om ware geestelike versoening te bewerkstellig. Dit is waar omdat baie Suid-Afrikaners in die verlede brutale inhegtenisneming, marteling, verdrukking en intimidasie onder die apartheidsregering beleef het. As gevolg daarvan is baie mense emosioneel nog nie genoeg genees om die lewe en al sy uitdagings te kan omhels nie. Dit is waar rekonsiliasie nie net 'n uitvee van die geheue is nie, maar egte transformasie en regstelling van die verlede sodat ons saam vorentoe kan gaan.

Daar is drie fases in 'n rekonsiliasieproses en die derde fase is 'n heraanpassingsfase. Ek glo Suid-Afrika is tans in die derde fase. Dit is die fase waar die programme van versoening uitgevoer word. Hierdie fase word gekenmerk deur pogings om te verstaan wat in die verlede gebeur het, 'n hunkering om voort te gaan met die lewe, maar dat dit moeilik is om dit te doen. Gevolglik is daar 'n diepe depressie en gevoel van tou opgooi as gevolg van 'n gebrek aan vordering en 'n troebel prentjie van wat rekonsiliasie is. 'n Praktiese voorbeeld is die onlangse poging van die UV om hulle studentekoshuise te integreer ten einde die proses van versoening aan te help, maar wat amper ontpoor het as gevolg van die Reitz-insident en uitroepe van die publiek oor die stadige vordering met rekonsiliasie op die UV-kampus.

Dit is waar ek glo die Heilige Gees inkom om ons te leer hoe om ware versoening te bereik, en om ons te herinner aan hoe Christus dit gedoen het toe Hy ons versoen het met God (Romeine 5:10). Daarby is versoening nie 'n menslike prestasie nie, maar die werk van God in ons, en weer eens, dit is die resultaat van Christus se versoenende dood en ons regverdiging uit genade.

6. Samevatting

Ware versoening is 'n aktiwiteit van Christus deur die Heilige Gees. Dit maak versoening meer van 'n geestelike aktiwiteit as 'n strategie. Dit is geestelike aktiwiteit omdat dit die ervaring van genade is en dit begin met 'n verhouding met God. Dit beteken dat as Suid-Afrika ware versoening wil ervaar, sowel die boosdoeners as die slagoffers 'n goeie verhouding met God en sy Gees sal moet hê. Hulle sal ons lei na die verlangde ware, geestelike versoening.

Tweedens skep ware geestelike versoening 'n nuwe menswees uit sowel die slagoffer as die oortreder. Hierdie nuwe mensheid kan bereik word deur die verlede voldoende aan te spreek sodat ons kan voortgaan en die slagoffers die boosdoeners kan vergewe en laasgenoemde hulle skuld kan bely. Hierdie versoening kan bereik word met die hulp van die Gees wanneer Hy ons herinner aan die lyding en vernedering wat Christus beleef het en steeds kon vergewe.

Laastens kan ware versoening net bereik word by die voltrekking van die wêreld deur God in Christus. Hierbo het ons gesê dat die Heilige Gees as die Parakleet (Trooster) die Hoofgetuie van Christus is, omdat Hy die intieme Begeleier van Jesus was tydens sy bediening. Dit beteken dat die Gees tans oor Christus getuig en as sy volgelingen moet ons ook teenoor die wêreld getuig vir Christus. Ek verstaan dit so dat as die wêreld Jesus as Verlosser aanvaar, eers dan kan ons ware en volledige versoening ervaar.

Noudat ons die waarheid weet, gaan ons die toekoms tegemoet met die doel om ware vrede en versoening te ervaar.

(Ds Joseph Pali, NGKA – Fakulteit Teologie, UV)

10. DIE HEILIGE GEES EN DIE EENHEID VAN DIE KERK Efesiërs 4:3-4

Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het.

Christene is mense wat verenig is deur die Heilige Gees. Die apostel Paulus was al net soos ons daarvan bewus dat Christene nie hierdie eenheid utoelief nie. Die kerk word gekenmerk deur verdeeldheid tussen kerke en selfs binne gemeentes. In ons teks dring Paulus by die Christene in Efese aan om hulle bes te doen om God se Gees toe te laat om hulle harte te verenig. Hy moedig hulle aan om in vrede met mekaar te leef.

Gedurende Pinkster dink ons aan die rol wat die Heilige Gees in ons lewe en in die lewe van die kerk speel. Siende dat ons Johannes Calvyn se 500ste geboortejaar vier, gaan ons ook vra watter lig hy op die saak werp.

1. Die werk van die Heilige Gees in en deur die kerk

Die Heilige Gees is die band waardeur Christus ons effektief aan Homself bind.

Wanneer ons Johannes Calvyn se *Institusie* lees, vind ons dat hy in Boek 3 aandag gee aan die manier waarop ons die genade van Jesus Christus ontvang. Hy skryf: "Om op te som: Die Heilige Gees is die band waardeur Christus ons effektief aan Homself verbind" (538). Dan gaan hy voort: "Maar geloof is die basiese werk van die Heilige Gees. Deur geloof alleen lei Hy ons in die lig van die Evangelie, soos Johannes leer: Aan gelowiges in Christus is die voorreg gegee om kinders van God te word, wat dit nie is uit vlees en bloed nie; deur 'n bo-natuurlike geskenk ontvang hulle wat andersins in ongelooft sou bly, Christus deur geloof" (541).

Die Heilige Gees gebruik die kerk om ons in te nooi in die gemeenskap van Christus en om ons te hou binne die eenheid met Christus. Die kerk is 'n instrument van God se genade.

Die Heilige Gees bewerk die geloof in ons. Gedurende Pinkster kan ons die werk van die Heilige Gees vier. Calvyn leer ons dat die Heilige Gees die kerk gebruik as instrument om ons in te nooi in die gemeenskap van Christus en ons te hou in die eenheid met Christus. Dus, die kerk is 'n instrument van genade. "Ons het hulp van buite af nodig om die geloof in ons te skep en te laat vermeerder, en te laat groei tot sy doel. God het al hierdie hulpmiddels gegee om voorsiening te maak vir ons swakhede" (1011).

Die volgende woorde van Calvyn gee ons 'n idee van hoe hy die kerk sien: "Ek sal dan begin met die kerk, in wie se boesem God graag sy kinders versamel, nie net sodat hulle gevoed kan word deur haar hulp en bediening solank hulle babas en kinders is nie, maar ook sodat hulle gelei kan word deur haar moederlike sorg soos hulle groot word en uiteindelik die einddoel van hulle geloof bereik. 'Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie' (Mark 10:9), sodat vir hulle vir wie God Vader is, die **kerk ook hulle Moeder** kan wees" (1012).

Die eenheid van die kerk is belangrik

Volgens Calvyn word die kerk "katoliek" of "universeel" genoem en daarom durf daar nie twee of drie kerke wees sonder dat Christus uitmekaar geskeur word nie – iets wat nie kan gebeur nie! "Al die uitverkorenes is verenig in Christus sodat, aangesien hulle afhanklik is van die een Hoof, hulle ook saamgroeï in een liggaam, saamgevoeg en ineengewef as ledemate van die liggaam. Hulle word waarlik een gemaak sodat hulle saam kan leef in een geloof, hoop en liefde, en in dieselfde Gees van God" (1014).

Die eenheid van die kerk is daarom van die allergrootste belang vir ons almal. Aan die een kant getuig dit van die werk van die Heilige Gees en aan die ander kant is dit die instrument van God

se genade om ons in gemeenskap met Christus te hou. Verdeeldheid in die kerk tas daarom die werk van die Heilige Gees ernstig aan.

2. Laat God se Gees ons harte verenig hou

Ons hou nie altyd daarvan om nuwe dinge te probeer nie. Ek onthou toe my oudste seun leer fietsy het, sonder veel sukses. Elke keer wat hy afgeval het, was dit moeiliker om weer te probeer, maar gelukkig het hy 'n ma gehad wat hom aangemoedig het totdat hy suksesvol was.

In ons gemeentes ervaar ons dat daar heelwat onenigheid en stryd tussen Christene is. Baie energie gaan in vrede maak en versoeningspogings in. Ons slaag nie altyd daarin nie en kan maklik moed verloor. Dit kan lei tot 'n posisie waar Christene net aanvaar dat stryd en onenigheid die gegewe is. Ons was ons hande in onskuld en sê dat ons probeer het.

Paulus vra dat ons nie sal probeer om mense te verenig nie, maar dat ons God se Gees sal toelaat om dit te doen. Dit is waar die problem lê. Die eenheid onder Christene is iets wat die Gees bewerk en dit is die Gees van God wat die eenheid in stand hou. Wat ons doen is om die eenheid te blokkeer en te verhinder.

Dit is so deel van ons natuur om in disharmonie met ander mense te leef. Ons moet bewus wees daarvan sodat ons die hele tyd kan stry teen ons natuur om die Gees van God toe te laat om die eenheid tussen ons te skep en in stand te hou. Ons moet aktief betrokke wees om geleenthede te skep vir God se Gees om die eenheid en vrede tussen ons as Christene te versterk.

Ons moet onself afvra: Hoe lyk ons pogings om God se Gees toe te laat om ons harte te verenig en ons in vrede te laat lewe? Dit is maklik om vir ander mense te vertel van die onenigheid onder Christene, wat kan ons vir mense vertel oor ons pogings? Wat het ons probeer? Hoeveel keer het ons probeer? Het ons werklik probeer om sukses te behaal of het ons maar probeer met die hoop dat dit sal misluk?

3. Die Suid-Afrikaanse konteks: Kom ons probeer

Dit is met hartseer dat ons moet erken dat die eenheid tussen Christene in Suid-Afrika nie is wat dit moet wees nie. Christene was lank verdeel op rassegrondslag en die nalatenskap van apartheid is nog sigbaar. Ons is dankbaar vir die tekens van eenheid en vrede tussen Christene, maar ons moet nooit tevrede wees met die situasie nie.

Die eenheid waarvoor Paulus skryf is nie een wat ons op 'n geestelike manier moet verstaan nie. Die eenheid van hart is 'n eenheid wat Jesus bely as Heer op alle terreine van ons lewe. Dit is 'n eenheid en vrede wat ons daaglikse lewe beïnvloed. 'n Eenheid wat in die praktyk sigbaar is in die feit dat die mure wat ons geskei het, afgebreek word (Efes 2:11-22). Paulus herinner die gemeente dat die Jode en Grieke wat deel geword het van die gemeente nou moet optree as God se nuwe skepping. Dit is in hulle aard om steeds op te tree as Jode en Grieke met hulle verskillende kulture, maar hulle deelwees aan die genade van God lê nou 'n nuwe taak op hulle skouers.

Deur Christus het hulle God se genade deur die werk van die Heilige Gees ontvang en is deel gemaak van sy kerk. Hierdie een Gees het 'n eenheid geskep onder hulle en daarom moet hulle vir die wêreld die wonderlike gevolg van God se genade vertoon. Om die eenheid en vrede uit te leef is 'n teken aan 'n wêreld vol onenigheid dat wonderwerke kan gebeur. Dit is 'n teken dat God aan die werk is in die wêreld.

Die gebrek aan eenheid onder Christene in Suid-Afrika is 'n ernstige aanklag teen ons dat ons nie hard genoeg probeer om God se Gees toe te laat om eenheid en vrede onder ons te skep nie. Ons moet ons motiewe ondersoek oor hoekom ons tevrede is met die verdeeldheid en dit selfs probeer in stand hou.

Kerkeenheid is nie 'n luukse nie, dit is 'n opdrag. Dit is 'n opdrag binne ons plaaslike gemeentes, maar ook 'n opdrag aan ons kerke wat steeds verdeeld is op ras- en ekonomiese grondslag.

Ek wil graag afsluit met 'n aanhaling van Calvyn in sy kommentaar op hierdie teks:

Oh, were this thought deeply impressed upon our minds, that we are subject to a law which no more permits the children of God to differ amongst themselves than the Kingdom of heaven to be divided, how earnestly should we cultivate brotherly kindness! How should we dread every kind of animosity, if we duly reflected that all who separate us from brethren estrange us from the kingdom of God. Let us learn from Paul, that none are at all fit for that inheritance who are not one body and one spirit (Commentaries on the Epistles of Paul to the Galatians and Ephesians: Translated by William Pringle: 268).

Laat ons weer probeer. Laat ons volhard in hierdie poging. Laat ons die Heilige Gees toelaat om die werk te voleindig wat Hy in ons begin het.

Laat ons en laat Hy.

(Dr Dawid Kuyler – VGKSA Bloemfontein)

11. "DEUR DIE GEES AAN ONS VOORGESÊ": JOHANNES CALVYN OOR GEBED EN ROMEINE 8:26

Ons weet nie wat of hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike versugtinge. By hierdie teks – Romeine 8:26 – teken Johannes Calvyn in 1539 in sy kommentaar aangrypend oor ons gebede aan: Ons word deur dieselfde Gees wat ons tot God as ons Vader laat roep het (vers 15), ook geleer **hoe** om te bid. Wie daarom in die Pinkstertyd oor die werk van die Heilige Gees nadink, kan nie by ons gebedslewe verbygaan nie. En in hierdie gedenkjaar dan, aan die hand van 'n toegewyde voorganger in gebed: Calvyn, die Hervormer van Genève.

1. Calvyn in gebed

Die leer en lewe van Johannes Calvyn (1509-1564) vertoon 'n inherente samehang en is gedra deur 'n warme, persoonlike geloofsoortuiging. Dit word besonder duidelik wanneer die tema van gebed in sy lewe aan die orde gestel word.

Vir Calvyn was *ora et labora* – bid en werk – veel meer as net 'n slagspreuk. Soggens vroeg het hy sy dag in gebed begin. Aan tafel voor ontbyt is daar om seën gebid en ná die ete gedank. Daar is gebid voor die dag se werk 'n aanvang geneem het en vanaand voor daar gaan slaap is. Daar moet 'n vaste reëlmaat in ons gebede kom, het hy gestel. En wat sy werk betref, was die vyf merkers van die Reformasie – *sola Scriptura, sola gratia, sola fide, solus Christus* en *solus Deo gloria* (alleen die Skrif, genade en geloof, die heerskappy van Christus en die eer van God) – by hom saamgebind in *oratio*: gebed. Meer nog: hoof en hart is ook nie te skei nie; wysheid en vroomheid hang onlosmaaklik saam. Dit spreek vanself wanneer die jonge Calvyn in 1536 sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* skryf en 'n afsonderlike hoofstuk aan gebed wy; in die 1559-uitgawe – 'n deurleefde dogmatiese werk – verskyn die langste van al tagtig hoofstukke onder die opskrif: "Gebed, die vernaamste oefening van ons geloof"; *exercitium pietatis* – die oefening van ons vroomheid. WH Neuser merk op dat Calvyn se uitleg van die Ons Vader-gebed (wat hy met 'n korter of langer strekking in agt verskillende publikasies gedoen het!), van 'n aanvanklike dogmatiese klem op die inhoud daarvan, verdiep het tot pastorale leiding aan hulle wat bid – die vraag van die dissipels: "Here, leer ons bid ..." (Lukas 11:1). Nog 'n treffende voorbeeld van hierdie verband tussen hoof en hart, is die gebed waarmee Calvyn sy akademiese lesings begin het:

Laat ons groei in kennis van die hemelse geheimnisse, ook verbind word aan 'n groei in vroomheid tot u eer en tot ons stigting.

Kortom, wat Calvyn oor gebed geleer het, het uit sy eie gebedslewe opgekom en sy binnekamer weer, is gevoed en gevorm deur die Woord van God. Wanneer hy dus oor gebed skryf, doen hy dit nie op hoorsê nie, maar van binne-uit; as een wat weet hoe die Gees van God jou in die binnekamer voorsê. Dáár begin gebed ook: in die binnekamer. Dit is die "beste reël" vir ons gebedslewe en deur Christus self aan ons gegee, lui die *Institusie* én Calvyn se *Verklaring op de Harmonie der Evangelien naar Mattheus, Markus en Lukas* (1555). Christus verwerp nie net die geveinsde gebede en "gunssoekende vertoon" op die straathoeke nie, maar roep ons doelbewus eenkant:

... om met al ons gedagtes in ons harte af te daal en dit binne te gaan, en Hy het ons belowe dat God – en ons hart behoort ook tempels van Hom te wees – ons met so 'n geestesgesteldheid naby sal wees ... Hy het aangetoon dat die gebed iets geheims is wat in besonder in die harte geleë is en sy rus soek in dinge wat ver weg van alle steurnis van ons sorg is. Hieruit is dit meer as duidelik dat geen stem of sang wat 'n gebed onderbreek, enige waarde het ... behalwe as dit uit diepe ontroering van die hart spruit ..."

Dit is daarom goed dat gelowiges hulleself uit die openbare omgang en teenwoordigheid van ander mense onttrek, sodat hulle hulle harte opreg en eerlik voor God kan uitstort; in die afsondering word ons gemoed uit die "verstrooiing" van die daaglikse lewe terugroep, soos wat Christus self die verborgenheid van die nag of op die berg buite die stad gaan opsoek het. 'n Voorbeeld wat Calvyn

nagevolg het: Dit is bekend dat hy homself by tye vir 'n dag of twee buite Genève gaan afsonder het. En daar, gaan hy sover om in sy *Kategismus van die Kerk in Genève* (1545) te sê, is dan selfs nie woorde in my gebed nodig nie; my tong kan maar swyg, maar sonder my “verstand en gemoedsontroering” kan geen egte gebed voor God gebring word nie. Gebed is die innerlike stemming van my hart. Juis op hierdie punt, heg Calvyn wél groot waarde aan ons stem en sang: dit oefen ons verstand in 'n gekonsentreerde oordenking van God; ons tong is immers geskep om die lof van God te vertel en te verkondig. Vandaar ook die aksent wat hy op gemeentesang en met name dié deur jongmense gelê het – die Psalms verdiep ons aanbidding, maar dit moet ook in ons huise en buite op die velde gesing word!

Benewens die gebed in die binnekamer, het Calvyn gebed in die erediens onmisbaar geag. Maar hy maak dit ook duidelik: Wie meen dat God se oor by die kerk of in die tempel of op een of ander heilige plek nader is, verval in bygeloof en vergeet die woorde van Christus dat God in gees en waarheid aanbid wil word (Joh 4:5), orals en te alle tye. Wel het hy opgemerk dat om te kniel, 'n waardige gebedshouding is – dit maak in my liggaam duidelik dat my hart en hoof voor God buig. En dít nie net in my binnekamer nie, óók in die openbaar. Daarom dat die erediens van die St. Pierre-kerk in Genève direk ná die votum, 'n gebed met skuldbelydenis geken het:

Here God, ewige en almagtige Vader, ons bely openlik voor u heilige Majesteit, dat ons arme sondaars is ...

Die gemeente buig voor God. Kennis van Wie God is en kennis van wie ons is, gee aan ons gebed gestalte; dit lê die woorde op die lippe van die gemeente. Hierna is die Tien Gebooie gesing, met – tussen die twee “tafels” – 'n kort gebed. Eers dan sou die leraar die kansel opgaan en 'n epiklesegebed bid, eindigende met die Ons Vader. Ná die preek was daar 'n dankgebed en voorbidding vir almal in nood, waarna die slotlied gesing is en 'n seënbede (Numeri 6) die gesprek tussen God en sy gemeente afgesluit het. Met sy aankoms in 1541 in Genève, het Calvyn ook Woensdae as die weeklikse dag vir gebed vasgestel. Van agtuur tot tienuur soggens sou die gemeente saam bid. In die *Institusie* merk Calvyn hieroor op dat Paulus se opdrag om sonder ophou te bid (1 Tess 5:17), nie op sulke openbare of gesamentlike gebedstye betrekking het nie, maar op die persoonlike gebedstemming van gelowiges. Die lengte of tye van ons gebede het vir God geen betekenis nie; dit is opregtheid van hart waarna Hy soek. Sonder omhaal van woorde, leer Christus ons: wanneer 'n gebed uit 'n ernstige sielsgesteldheid kom, loop ons tong nie ons hart vooruit nie – aldus Calvyn. Laat daarom liever alles gepas en ordelik verloop (1 Kor 14:40). En prakties, voeg hy ook by! Bowenal: verstaanbaar vir almal.

... dit blyk duidelik dat ons openbare gebede nie in Grieks onder Latynsprekendes of in Latyn onder Frans- of Engelsprekendes geklee moet word nie, sodat dit deur die hele vergadering begryp kan word. Want dit moet bydra tot die stigting van die hele gemeente, en dit pluk geen vrugte uit onverstaanbare klanke nie ...”

Daarom het Calvyn onderrig in gebed so belangrik geag. In die *Kategismus* (1545) handel twee-en-sestig vrae oor gebed: oor wat gebed is en hoe ons moet bid; oor die twee dele van gebed – danksegging en voorbidding – en oor die Ons Vader, die gebed wat Christus ons geleer het. Om die gemeente te help bid, het hy voorts ook 'n paar gebede by sy *Kategismus* (1545) ingesluit: 'n oggendgebed, twee tafelgebede, 'n gebed by die opening van die skool, 'n gemeentelike gebed (die sogenaamde *oratio dominica*) en 'n aandgebed. Só het Calvyn sy dag en week – 24/7 – in gebed deurgebring, al werkende. Want, al kan jou knieë nie altyd buig nie, jou hart kan wel. In eerbied voor God, na die voorbeeld van Christus, en voorgesê deur die Gees.

Daaroor het hy op 'n keer uit Romeine 8 gepreek.

2. Gedagtes vir Pinksterprediking oor gebed – Romeine 8:26

Uit al die Skriftekste oor gebed, is 'n keuse vir die perikoop van Romeine 8:18-30 vir die Pinkstertyd besonder gepas. Dit gaan trouens in die hele hoofstuk 8 oor **die lewe van gelowiges “deur die**

Gees – 'n uitdrukking wat nie minder as sewe keer hier te lese is. Calvyn neem nog as teks die manuskripte wat by vers 1 lui: “Daar is dan nou geen veroordeling ... vir dié wat na die Gees wandel.” Hulle is nie volmaak of sonder enige “gevoelens van die vlees” nie, maar hulle stry daarteen en hulle lewens wys “die verlange na vroomheid”, skryf hy. Terloops, in sy *Romeine*-kommentaar wy Calvyn meer bladsye aan hoofstuk 8 as aan enige ander! Nou is dit opmerklik dat alhoewel die Gees van God in Romeine 8 dié kernbergrip is, die Trinitariese teenwoordigheid van God vir geen oomblik uit die oog verdwyn nie. Só begin Paulus by vers 1 met ons “in Christus Jesus”-wees, ons regverdiging deur die geloof in Hom; en so eindig dit by die immer-troosryke liefde van God “in Christus Jesus ons Here” (vs. 31). Niks kan ons daarvan skei nie. 'n Hoofstuk oor sekerheid dus. En in die hart daarvan, weerklink die dankbare roep uit óns harte: “‘Abba!’ Dit beteken Vader” (vers 15). Dit is die Gees wat daardie verhouding tussen God en mens, sy kinders, werk; dit is die Gees wat ons kindskap bevestig; dit is die Gees wat in ons woon; dit is die Gees wat 'n innerlike ruimte tot stand bring waar ons met God in gesprek tree; dit is die Gees wat ons vorm na die gestalte van Christus.

Met dit as agtergrond of inleiding gesê, kan die prediker vervolgens wys op die karakter van vers 18 tot 30. Dit gaan hier oor **ons pelgrimstog van skepping en sondeval na verlossing en voleinding**. Vanweë die sondeval (vers 20), dra ons weg deur die wêreld die letsels van verganklikheid; en nie net ons nie, ook die skepping is aan hierdie pynlike verval, lyding en ontbinding uitgelewer (vers 21). In 'n land geteister deur armoede, siekte, misdaad, geweld en wantroue; in 'n wêreld vasgevang in die greep van resessie weens gierigheid, vergrype en oordad; en op ons planeet waarvan die hulpbronne almeer onder enorme druk kom en ons die uitsterwing van soveel spesies plante en diere in die gesig staar, is dit nie moeilik om hier voorbeelde op te noem nie. Ons en die skepping sug sáám! Calvyn skryf: die skepsels van die skepping – wat “al soveel eeue gewag het in hulle versugting” – is “as metgeselle by ons gevoeg”. Om sy tipering van hierdie perikoop aan te haal:

Vir al die vromes lê die saligheid in die hoop; dit is eie aan die hoop om gerig te wees op die toekomstige en (nou nog) afwesige dinge; gevolglik is die saligheid van die gelowiges verborge. Die hoop word nou nie anders as deur lydsaamheid onderskraag nie; gevolglik word die saligheid van gelowiges nie anders as deur lydsaamheid voltooi nie ... waaruit blyk dat die lydsaamheid die onafskeidbare metgesel van die geloof is ... (en so) word ons gewaarwording van teenwoordige ellendes versag en getemper sodat dit nie vir ons te moeilik is om te verduur nie.

Wat ons dan by die merkwaardige mededeling van Paulus bring – ons teksvers (26): **saam met die skepping en ons, sug die Gees van God!** Die Gees neem dus “'n deel van die las, waardeur ons swakheid beswaar word, op Homself”, skryf Calvyn. En by name ook die swaarste las wat in donker tye op ons skouers druk en skaaf: dat ons nie weet hoe of wat om te bid nie. Hier sou die prediker met enkele voorbeelde op persoonlike belewenisse van hulle wat al diepe beproewing deurgemaak het, kon ingaan – tye waarna soms verwys word as “die donker nag van die siel”; kyk ook weer na 'n teks soos Psalm 88. Die Gees van God laat ons dus nie net tot ons Vader roep nie (vers 15), maar roep selfs in ons plek wanneer ons eie worstelwoorde stom geraak het! In Calvyn se treffende uitleg:

... dat ons deur dieselfde Gees geleer word hoe gebid moet word en wat van God gevra moet word. En uiters gepas verbind Hy dié gebede aan die kommervolle verlangens van die vromes, ... sodat hulle deur te bid daarvan verlig kan word. So lyk dit tog vir my of Paulus hier eenvoudig wil aandui dat ons blind is in ons aanroeping van God, want hoewel ons die verganklikheid in ons aanvoel, tog is ons gemoedere te verontrus en te verward om reg te kies wat paslik is om van God te vra.”

Só 'n gebed kan nie uit onself kom nie; ons is selfs geneig om in sulke tye soos ongelowiges gebede af te rammel. Daarom, vervolg Calvyn,

... is dit noodsaaklik dat die manier om reg te bid, deur die Gees aan ons voorgesê word ...

God se Gees lê die verlange na gemeenskap met ons Vader én die regte ingesteldheid van 'n opregte hart én die taal om daardie verlange te verwoord in ons binneste. Maar meer nog: Die feit dat dit God

se Gees is wat hier in ons binnekamer werk, gee ook 'n sekerheid – 'n waarborg – dat God ons hoor en verhoor. En daarom kan die gelowige dan verder gaan om ook vers 28 gesê te kry: "... alles ten goede..." Alles, immers, uit die genade van God:

Ons word inderdaad beveel om te klop, maar niemand kan uit eie beweging selfs een lettergreep bedink as God ons nie deur die verborge ingewing van sy Gees beroer en so ons harte vir Hom open nie.

Dit is merkwaardig dat ons – moderne of dan post-moderne pelgrims op ons weg deur die wêreld – in ons harte dieselfde verlange ontdek waarmee 'n voorganger soos Calvyn en voor hóm weer, Paulus, leer saamleef het. Die verlange na 'n Teenwoordigheid van 'n liefdevolle Vader wat Hom oor ons ontferm. Wat ons roepstem sal hoor – soggens as ons roep, of in die nag, of midde in ons drukke dae. Alleen of saam met ander. In Romeine 8 kom hierdie stemme bymekaar: ons s'n; dié van 'n verlore mensdom en 'n sugtende skepping; dié van 'n Paulus en 'n Calvyn. En hoor ons dan wanneer ons eenkant toe staan, in die stilte van ons hart, sag en vol meelewing, die stem van die Trooster wat in ons plek roep na God. *Kyrie eleison*. Ontferm U oor ons, Here.

Pinkstertyd is 'n tyd van verlange, merk Dirkie Smit iewers op. Inderdaad. Mag ons versugtinge in hierdie tyd opklim in Gods oor. So help sy Gees ons. Amen.

(Ds Jan Lubbe – NG Kerk Berg en Dal)

12. DIE HEILIGE GEES EN ONS GETUIENIS **Handelinge 4:23-31 [31]**

Inleiding

Die wêreld waarin ons woon

Die antieke wêreld was 'n wêreld in diepe nood. Getuienis kom voor van groot armoede en lyding as gevolg van siektes. Alhoewel die Romeinse Ryk stam- en gebiedsoorloë beperk het, het hulle self wel steeds aan verskeie oorloë deelgeneem. Mense is ontwortel. Vryhede is ontnem. In Palestina is die Romeinse heersers as wrede onderdrukkers beskou.

Die wêreld in die tyd van Calvyn was ook 'n wêreld in diepe nood. Bygeloof het mense in angste laat lewe. Die kerk se houvas op die samelewing het tot groot vrees vir die kerk gelei. Groot onsekerheid het onder mense geheers. Mense het probeer om God tevrede te stel met vas, onthouding en pogings tot goeie werke, maar was nie in staat om dit vol te hou nie. Dit het weer tot groot vrees en angste gelei. Onderling het mense wreed teenoor mekaar opgetree soos blyk uit die wrede manier waarop mense op brandstapels tereggestel is.

Die wêreld vandag is 'n wêreld waarin groot krisis voorkom. Armoede neem ander vorms as in die antieke wêreld aan, maar die finansiële ineenstorting lei tot ellende vir baie. Infeksies soos met die MI-virus wat tot Vigs lei het ook uiters negatiewe gevolge in die gemeenskap. Projekties bereken dat tot 6 miljoen mense in Suid-Afrika teen 2010 aan Vigs sou kon gesterf het. Talle kinders is wees gelaat deur die dood van hulle ouers weens Vigs. Oorloë verwoes miljoene se lewensbestaan.

Diktators en ander ondemokratiese regeerders ontnem mense hulle vrye bestaan. Aanvalle op die Christelike geloof neem onrusbarend toe en mense wat glo, word op vernederende wyse beledig, soos onlangs in die staat Orissa in Indië.

Getuienis in die wêreld

In hierdie wêreld word die getuienis van die Evangelie gelever. In die antieke wêreld is die boodskap van die heil van God in Jesus Christus as nuwe wonder gebring. Die verlossing in Jesus Christus uit genade alleen was 'n wonderlike boodskap van vertroosting in armoede, van heling in siekte en van uitsig na die lewe ná die dood. Daar was die verwagting van hemelse heerlikheid na die dood maar ook van lewe met God in die werklikheid. Hierdie nuwe uitsig het hoop gebied vir mense wat nou nie meer vir hulleself gelewe het nie maar vir God.

Gedurende die reformatie het die boodskap dat God se vrye genade so oneindig groot is dat Hy sonde sonder enige verdienste van die mens se kant af vergewe in die soenverdiens van sy Seun Jesus Christus nuwe hoop geskep. Hierdie nuwe boodskap is begrond in die ou waarheid van die Evangelie. Dit het oneindige rus en sekerheid gebring. Nou was dit nie meer nodig om te steun op die onsekerheid van die werke uit vrees dat jy nie genoeg sal doen nie, maar nou kon jy op God se groot liefde en vrye genade steun. Calvyn het juis beklemtoon dat die verlossing uit God se vrye guns alleen is.

'n Terugkeer na die wonder van verlossing in die Gesalfde van God, Jesus Christus, is in die moderne wêreld noodsaakliker as ooit tevore. Jesus as Dienaar is deur God gesalf vir sy taak. Die uiters sentrale plek wat Jesus as Gesalfde van God inneem in die teologie van Calvyn en in die boodskap vir die wêreld in nood moet erken en weer eens bevestig word. Juis dit lei tot groot vrymoedigheid om sy Naam aan te roep en sy boodskap te verkondig in die wêreld. Die vrymoedige verkondiging van die woord in gebrokenheid maar ook in hoop op die heil wat God gee, is noodsaaklik. Calvyn het verduidelik dat die verkondiging deur die woord die boodskap van heil en hoop bring.

Preek: Handeling 4:23-31 [31]

Tema: Na gebed verkondig Geesvervulde mense met vrymoedigheid dat Jesus die Here is

Om te getuig van die hoop wat in ons is word al hoe belangriker. Mense vra indringende vrae en leef in groot angs.

Siektes oorval ons. Ten spyte van die mediese wetenskap is daar talle siektes waarvoor daar geen raad is nie. Dit is asof daar geen keer aan Vigs is nie. Weerstandige tuberkulose kom al meer voor. Malaria dood duisende in Afrika. Hierteenoor moet ons getuig van die hoop wat in ons is. Die dood bly 'n vernietgende bedreiging. Die moderne mens het geen raad daarmee nie. Al die filosofiese slimmighede kan die bedreiging daarvan nie oplos nie.

Ongeloof neem toe. Suid Afrika, onder al die bevolkingsgroepe, beleef al hoe meer dat mense hulle geloof prysgee. Op busse in London word uitbasuin dat daar waarskynlik geen God is nie.

Verwerping van God neem aktief toe. Mense word hulle geloof misgun. Getuienis oor geloofsake word al meer bevraagteken. Die mense is inderdaad al meer soos skape sonder 'n herder. Ons leef in groot duisternis. Ons roep uit. Sal God hoor?

Die apostels in die wêreld van destyds het beleef hoe mense hulle woorde verwerp en hulle vervolg. Petrus en Johannes is selfs deur die Sanhedrin wat tog die boodskap van God geken het, verwerp. Hulle eie mense. Hulle het egter bly verkondig. Hulle is wreed vervolg. Tog het hulle steeds die boodskap dat Jesus die Here is bly verkondig. Hulle trou aan God is van groter belang as die bedreiging van die wêreld geag.

Die heidennasies gaan tekere. Hulle verwerp die boodskap. Hulle wil nie hoor nie en konings kom in opstand teen God en sy Gesalfde. Heersers span saam soos Psalm 2:1-2 dit ook uitdruk.

Waartoe neem die apostels en gemeente hulle toevlug? Hulle bid. Gebed neem onder hierdie omstandighede 'n uiters belangrike plek in hulle lewe in. Petrus en Johannes is gevange geneem en weer losgelaat. Hulle bid.

Waarvoor bid hulle?

Om vrymoedigheid!!!

Calvyn wys daarop dat hulle in hulle gebed juis nie verlang dat God die teenstanders straf of magteloos maak nie, maar dat daar vrede en rus kan wees en die evangelie vry verkondig kan word. Hulle bid nie soseer in die eerste plek vir hulleself of hulle eie heil nie. Hulle is veilig by God. Hy sal self die dreigemente hanteer. Hulle bid om vrymoedigheid. Sending en getuienis in die wêreld is steeds uiters belangrik. In hierdie wêreld in diepe nood het die apostels 'n nuwe boodskap van verlossing, heil en hoop gebring. Hulle was bereid om te ly ter wille van die Evangelie.

Die Sanhedrin dreig, die wêreld verwerp hulle, maar die apostels bly getrou in hulle verkonding van Jesus Christus as Here deur die Heilige Gees.

Hulle genees mense en hulle doen groot wonders in die Naam van Jesus. Die boodskap is geensins 'n boodskap wat nie betekenis het vir mense in die wêreld nie, maar is 'n boodskap wat ook die mense wys op die heerlijkheid wat God berei vir die toekoms. Die wonders geskied in die Naam van Jesus. Hy is die sentrum van hulle verkondiging.

Maar om die boodskap te bring is hulle juis met die Heilige Gees vervul. Dit is die Gees wat wonders laat gebeur. Dit is die Gees wat hulle vrymoedigheid gee. Die plek waar hulle bid skud en die Gees vervul hulle. Calvyn het besef watter wonderlike inspirasie die Heilige Gees gee sodat mense die gemeenskap kan bereik.

Die sentrale boodskap van die Bybel is 'n boodskap van groot verlossing en heil vir die wêreld. Juis daarom moet die kerk 'n seën vir die hele geskape wêreld oor alle grense heen wees.

Die vrymoedigheid om Jesus te verkondig het beteken dat iemand soos pastor Wurmbrand bereid was om self in die gevangenis vir Hom te ly terwyl hy steeds verkondig: Jesus is die enigste Here. Iemand soos Corrie ten Boom wat verskeie Jode se lewe gered het in die Tweede Wêreldoorlog het vrymoedig bly getuig, ook ná die oorlog, en het as tagtigerjarige nog na Sibirië gereis om te vertel van Jesus. Dominee Overduin wat so swak was in die konsentrasiekamp van die Nazi's waar hy aangehou is dat hulle hom moes regop hou, het steeds uit dankbaarheid teenoor Jesus bly getuig.

Maar Handeling is juis die boek van die Heilige Gees. Hoe leef die apostels nie die roeping uit om te bly verkondig nie! Paulus hou vol daarmee al word hy geslaan, in die tronk gegooi, verneder en verag. Die Heilige Gees vernuwe en verander die gemeenskap. Die goeie boodskap word steeds uitgedra.

Dit beteken egter dat alle mense in al hulle nood bereik moet word. Kuyper, op voetspoor van Calvyn, het geleer dat alles in ons lewe tot eer van God gedoen moet word. Die hele gemeenskap moet voor God gebring word. Calvyn het juis die drievoudige amp van Christus beklemtoon, naamlik Profeet, Priester en Koning, en ons as sy onderdane is ook geroep om profete, priesters en konings te wees.

Geesvervuld vrymoedig verkondig die apostels. Calvyn beklemtoon dat God juis die gebede verhoor wanneer die apostels met groot vrymoedigheid voortgaan om die evangelie te verkondig. Hulle gebede word beantwoord wanneer die Gees hulle vervul en hulle vrymoedigheid het om die evangelie te verkondig.

Die kerk moet in 'n vyandige wêreld deur die krag van die Heilige Gees 'n evangelie van hoop en nuwe lewe en verwagting op die ewige lewe verkondig. Vernuwning in die gemeenskap spruit uit die getuienis van die hoop wat daar in die gemeente is.

(Prof Pieter Verster – NGK, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat)

13. DIE HEILIGE GEES: TOEKOMS, HOOP EN VREUGDE Efesiërs 1:13-14

Inleiding

Calvyn het in 'n tyd geleef toe dit gevaarlik was om 'n bedienaar van die evangelie te wees, toe Christus se toegewyde volgelinge om elke hoek en draai bedreig is. Die wêreldwye viering van 500 jaar van Calvyn se teologie is 'n getuienis dat hy en baie ander reformerende Christene volhard het in hulle verkondiging van die waarheid. Volharding spreek van hoop. Vir Calvyn was hierdie hoop in die aangesig van beproewing nie 'n verpligting nie, maar 'n vreugde. Die Christelike hoop en vreugde is vir Calvyn onlosmaaklik verbind, en beide spruit uit dieselfde bron: die Woord van God, wat die waarheid van God in ons harte verseël. Hieroor skryf Calvyn: "Dit is waar dat God dit op die hart van elke gelowige stempel deur sy Heilige Gees, en dit is waarom Hy genoem word die seël van die Evangelie" (*Preke oor die verlossingswerk van Christus*: 243).

Wat dan, is die waarheid wat die Christelike hart verbly en die hoop laat opwel, wat nie deur teenslae en vervolging omgekeer kan word nie? Wallace, in sy oorsig oor Calvyn se werke (*Calvin's Doctrine of the Christian Life*), skryf:

"Happiness is a gift of the grace of God which itself is not known otherwise than through the Word and inward earnest (seal) of the Spirit. The Word is the continual and never-changing source of earthly happiness since it assures us that even in this life *that God will be our Father* – Calvin lays great stress on the comfort it brings to be assured in the midst of challenges of God's protection in this life. The basis of this joy is the assurance of forgiven sins and thus the knowledge that, in service of God, we do not labour in vain or without hope of recompense" (Wallace: 315).

Dit bring ons by die toekomsgerigtheid van Christelike blydskap. Ons aanneming as kinders van God beteken dat ons alreeds gedeeltelik, maar uiteindelik ten volle, deel in die erfenis van die Seun van God. Wanneer ons in Christus is, is sy toekoms ook ons toekoms, en dit is heerlik!

In sy *Institusie van die Christelike godsdiens* skryf Calvyn (III.1.1) dat die manier waarop ons die seën wat God vir ons op sy enigste Seun laat neerkom het, kan bekom is wanneer Christus ons s'n word en Hy in ons woon. Hierdie eenheid met Christus word bewerk deur die Heilige Gees:

"En alhoewel dit waar is dat ons hierdie (eenheid) deur geloof ontvang, blyk dit dat almal nie hierdie aanbod van Christus wat deur die evangelie gemaak word, aanvaar nie. Daarom roep juis hierdie punt ons op om ons gedagtes hoër te rig en in te gaan op die geheime kragtige werking van die Gees, aan wie ons dit verskuldig is om Christus en al sy seëninge te kan ervaar" (III.1.1).

Hier is dan die ontmoetingspunt in Calvyn se teologie van toekomshoop, teenswoordige blydskap en die rol van die Heilige Gees:

"... Christus het gekom, toegerus met die Heilige Gees op 'n vreemde manier – naamlik dat Hy ons mag wegneem uit die wêreld, en ons kan verenig in die hoop op 'n ewige erfenis. Daarom word die Gees genoem die Gees van heiligmaking, want Hy versorg ons en voed ons, nie bloot met algemene energie wat by mense gesien kan word nie, en ook by ander diere, maar omdat Hy die saad en die wortel van die hemelse lewe in ons is" (III.2.2).

Hier sien ons die tweeledige aard van die Christelike ervaring: Ons is *in* die wêreld maar nie *van* die wêreld nie, en terwyl ons in die wêreld is, sal ons probleme ervaar.

Hoe dra hierdie "hoop op 'n ewige erfenis", hierdie "saad en wortel van die hemelse lewe" nou reeds vrug op aarde, te midde van beproewinge en moeite? Dit is die hoop van die volle blom van ons erfenis in Christus wat bloeisels dra in die moeilikhede van die Christelike lewe, want van ons Vader word gesê "... dat Hy ons verseël het, en aan ons die pand van die Heilige Gees in ons harte gegee

het, omdat Hy ons, as pelgrims in die wêreld en as mense wat eintlik dood is, van bo af opwek om ons te verseker dat ons verlossing veilig gehou word by 'n getroue God" (III.1.3).

Ons huidige bevrediging is daarom in direkte verband met die heerlikheid van die lewe wat kom, want dit is nie gebaseer op die verbygaande dinge van die teenswoordige wêreld nie, maar is hemelse bevrediging te midde van ons aardse beproewings. Wallace merk op dat Calvyn ons gereeld daaraan herinner dat, terwyl ons midde in ons lyding is, ons die sekerheid van die heerlike en vreugdevolle einde het wat vir ons wag in Christus, en dit kan ons huidige bitterheid versoet (Wallace: 316).

Dit is verder belangrik om te let op die praktiese toepassing van sodanige hemelse hoop te midde van ons aardse beproewing. Om by die toepassing uit te kom, moet ons twee vrae stel: Eerstens, wat is die doel van ons hemelse hoop, of wat is ons erfdeel? Tweedens, hoe hou dit verband met ons aardse beproewings?

Ons erfenis is niks minder as die glorie en lewe van Christus nie. Ons word omvorm tot die gelykenis van Christus. Dit is die uiteindelijke einde van elke Christen. Ons word "verhoog om te deel in sy grootheid" en ons word "toegelaat om te deel in sy blydskap" (III.9.6).

Hoe hou hierdie heerlike einde verband met ons huidige beproewings as gelowiges? Calvyn sê in Boek III.9.3: "And there is a much higher reason when we reflect that here we are in a manner prepared for the glory of the heavenly kingdom. For the Lord hath ordained, that those ultimately to be crowned in heaven must maintain a previous warfare on the earth, that they may not triumph before they have overcome the difficulties of war and obtained the victory."

Verder is hierdie stryd daarop gerig om ons te omvorm tot die beeld van Christus, en so werk ons aardse beproewings dan eintlik ons heerlike erfporsie in die hand. Daarom sê Calvyn: "Thus, indeed, it is; the whole body of the faithful, so long as they live on earth, must be like sheep for the slaughter, in order that they be conformed to Christ, their head (Rom 8:36)" (III.9.6).

In die lig van ons erfenis en die doel van ons aardse beproewings, hoe moet ons reageer? Calvyn (III.9.6) moedig ons aan om ons gedagtes te rig op die hemel, en dus bo die huidige gebeure en omstandighede uit te styg – selfs terwyl dit lyk of die boosdoeners floreer en oorwin, terwyl hulle vrede en voorspoed ervaar en diegene wat aan Christus behoort, teister met allerhande booshede. Hy sê God se mense "... sal geen probleem hê om te bly staan onder sulke aanslae nie. Hulle sal hulle oë rig op die dag wat die Here sy getroue diensknegte sal ontvang, al die tranes van hulle oë afvee, hulle toewikkel in 'n kleed van glorie en vreugde, hulle voed met die ongelooflike soetheid van sy genietinge, hulle verhoog om met Hom in sy grootheid te deel, ja, hulle opneem om te deel in sy blydskap" (III.9.6). En dit alles gebeur tot lof van sy heerlikheid!

Preek

Efesiërs 1:13-14: *"Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys."*

Preekinleiding

Ons is almal bekend met die storie oor die man wat sy hele lewe gebou het op die hoop dat daar dalk eendag vir hom 'n erfenis wag. Hy het solank van die geld begin uitgee en lenings aangegaan teen die verwagte erfenis. Ons sou kon sê dat hy sy huidige lewe gebou het in volkome vertroue op die toekoms. Maar is dit waar? Is dit nie dalk juis 'n gebrek aan vertroue in die erfenis wat hom nou reeds daarteen laat lenings aangaan nie? Is dit nie eerder 'n geval dat hy nie kans gesien het om sy swaarkry in die hede te dra nie, omdat hy eintlik maar bevrees was dat die beloofde erfenis eendag dalk nie mag werklikheid word nie?

Op dieselfde wyse mag ons as kerk vandag dalk onself ook om die bos lei oor die ware grond van ons hoop en die aard van ons vreugde. Is dit moontlik dat ons hoop en vreugde net so sonder

ware inhoud is as die verbygaande plesier van 'n sterwende wêreld? Of is dit ewigdurende vreugde, gebou op die erfenis wat vas en seker is, soos belowe in God se Woord?

Ons mislei onself oor die eintlike grond vir ons hoop en ons vreugde as ons nou reeds lewe asof die hemel eintlik hier op aarde te vind is. Ons wil graag ons trane afgedroog sien – of beter nog, ons wil eintlik geen trane meer stort nie. Ons wil graag hê al ons swaarkry moet lig wees, vinnig verbygaan, of beter nog, ons wil dit liewer totaal vermy en kortpad vat na waar alles maanskyn en rose is. Ons wil oes sonder om te ploeg en saai, ons wil 'n medalje wen sonder om die resies te hardloop – ons soek 'n kroon sonder 'n kruis.

Dit alles gaan nie net om die dwaasheid van selfbevrediging nie, maar ten diepste ook om 'n gebrek aan vertroue op God en sy beloftes in die Woord. Ons glo gewoon nie dat daar 'n erfenis wag om te ontvang nie; daarom gryp ons nou soveel ons kan. Dit is die optrede van diene, nie van erfgename nie. Diene vertrou net op die werk van hulle eie hande vir resultate; erfgename wag geduldig in vertroue dat hulle sal ontvang wat hulle toekom. Wanneer ons alles in eie hande neem, vernietig ons die toekoms met ons oordadigheid in die hede. Wanneer ons as gemeenskap, as die kerk, dit doen, verhinder ons die ontplooiing van God se ryke beskikking, en begin ons maar net so dwaas en hopeloos as die wêreld lyk. Kom ons bedink dit vanuit Efesiërs 1:13-14.

1. Ons is kinders van God as ons verenig is met die Seun van God

As ons nie met Christus verenig is, of "*in Christus*" is nie, so skryf die apostel Paulus dikwels, dan is ons "*ver van God af sonder deel aan die verbonde en beloftes wat daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God in die wêreld*" Efesiërs 2:12. Maar nou, verenig met Christus, sien ons hoe God se ewige plan volvoer word: die heerlike gemeenskap van God met sy kinders. Op watter wyse het God gekies om ons met Christus te verenig en ons as kinders van die hemelse Vader te aanvaar?

Ons is met Hom verenig deurdat ons die prediking van die evangelie gehoor, op Christus vertrou, die Woord geglo en dit as die goeie nuus van ons verlossing aanvaar het. In sy kommentaar op Efesiërs dui Calvin aan dat die tweërlei wyse waarop Paulus die evangelie beskryf, naamlik as die Woord van waarheid en as die Boodskap van verlossing, 'n verdediging is teen mense se gebrek aan geloof in die werksaamheid van die Woord van God. Satan se sterkste aanslag is om mense in die Woord te laat twyfel, en uiteindelik te verwerp. Maar, "*dit is die krag van God tot verlossing vir elkeen wat glo*" (Rom 1:16).

Ons is sondige mense, geneig tot twyfel en ongeloof. In God se goedheid het Hy egter 'n middel gegee waardeur ons kan vasstaan in die geloof. Hy het aan ons die Heilige Gees gegee, as waarborg. Die Gees bewys nie dat die Evangelie waar is op grond van menslike oordeel nie, maar op grond van die Gees se eie getuienis. Die Gees verseël die waarheid in ons harte. Ons sien dus dat sowel ons verlossing, as die bewys en waarborg daarvan, deur die hande van God self bewerk is. Dit doen Hy in die heerlikheid van sy genade!

2. Die Heilige Gees as getuie dat ons erfgename van 'n erfdeel is

Die werk van die Heilige Gees om die waarheid van dit wat God vir ons gedoen het in ons harte te verseël, word volledig in Romeine 8:14-17 beskryf: "*Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader. Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid.*"

Die metafoor van 'n seël in Ef 1:13 het nogal veel beteken in die ou tyd. 'n Seël op 'n dokument bevestig die outeurskap en geldigheid daarvan. 'n Seël het dit wat waar en eg is onderskei van dit wat vals en oneg is. Calvin het opgemerk dat die vaste oortuiging wat gelowiges oor die Woord van God het, en van hulle verlossing, nie voortkom uit die oordeel van mense nie, of op grond van allerlei skerp filosofiese redenasies nie, maar op grond van die beseëling deur die Gees. Die Gees plaas die seël op die waarheid; dit gee 'n vaste sekerheid, dit verwyder alle twyfel. Die Heilige Gees

maak dus alle prediking effektief en gebruik dit as instrument vir die geloof. Nadat ons kinders van God gemaak is deur ons geloof in Christus, oortuig die Woord ons verder ook dat ons erfgename is, mede-erfgename in Christus. Ons sal netnou verder oordink wat die aard van die erfenis is waarvan ons erfgename word.

3. Die Heilige Gees is die pand van ons erfenis

Terwyl ons nog hier op aarde vertoef, is ons reeds kinders van God. En daarom reeds wettige erfgename van alles wat die Vader ons in Christus skenk. En tog is die volheid van die erfenis 'n toekomstige realiteit wat ons in die hede alleen maar in die geloof kan vasgryp. Maar dan weer, die geloof is nie 'n swak, wankelrige produk van ons eie menslike rede nie; dit is 'n genadegawe uit God se hand. Hy gee aan ons die Heilige Gees as pand, as waarborg van ons erfenis. Dit is rede vir groot vreugde en hoop. A pand of waarborg kan nooit teruggeneem word nie. Die pand spreek van 'n daad wat in die toekoms beslis voltooi sal word – in dié geval op die dag waarop ons die erfenis volledig in besit sal neem. Let op die radikale “voorwaartse” beweging van God se werk in die geskiedenis en in ons lewe: die kruis wat vooruit wys na ons kroon as kinders en mede-erfgename en die Heilige Gees wat 'n pand en waarborg is van ons erfenis wat aan die kom is. Hierdie oriëntasie op die toekoms kan ons HOOP in die hede noem. Ons het hoop nodig, want ons huidige omstandighede is nog so deel van 'n gebroke wêreld; dit sug en steun, wagtend op die dag van verlossing – “... *terwyl ons uitsien na die gelukkige dag waarop ons wag. Op daardie dag sal die heerlijkheid van ons grote God en Verlosser Jesus Christus, verskyn*” (Titus 2:13). Hoop is dus noodsaaklik, lewensnoodsaaklik, sê Calvyn in sy kommentaar op Efesiërs, want ons Christelike lewenstryd in die hede word onderhou deur ons hoop op die toekoms; die pand is ons hoop en die uiteindelijke ontvangs van ons volle erfenis is die vervulling van daardie hoop.

4. Die Seun self is ons erfenis

Wie of wat dan is die erfenis waarop ons hoop? In Paulus se brief aan die Efesiërs gebruik hy twee treffende metafore om die toekoms-georiënteerde aard van ons liggaamlike vereniging met Christus te beskryf:

- Ons, die kerk, is sy liggaam – die volheid van Hom wat alles in almal vervul (Ef 1:23).
- Ons, die kerk, is sy bruid – die een-vlees verbintenis in die huwelik wys op misterieuse wyse na Christus se verbondenheid met ons (Ef 5:32).

Terwyl ons op aarde is, groei ons as liggaam van Christus nog tot volwassenheid, tot die volle maat van die beeld van Christus; saam groei ons, die kerk, tot die hoof. Voor die aanbreek van die nuwe hemel en die nuwe aarde is ons nog sy toekomstige bruid – in die proses om vlekkeloos en sonder rimpel gemaak te word, maar nog nie werklik gereed om aan ons Bruidegom voorgestel en oorgegee te word nie. Die dag van ons erfenis is sekerlik die dag van Christus se wederkoms, wanneer ons die volheid en volmaaktheid in hom sal bereik. Jesus Christus is tegelyk die subjek en die objek van ons voltooiing; wanneer ons in alles soos Hy word, sal ons ook in elke opsig deel in sy heerlijkheid; wanneer ons omvorm word tot sy beeld, sal ons die totaliteit van die vreugde en genot in hom deelagtig word. Watter heerliker erfenis kan daar dan wees as Hy wat voor alles was en in Wie alle dinge in stand gehou word? (Kol 1:17).

Wat beteken dit vir die kerk vandag?

In Efesiërs 4 en 5 spel Paulus die implikasies van ons status as erfgename uit. Hy noem ons kinders van die lig, wat vrygekoop is van die duister. As erfgename van Christus, kinders van God, laat ons saam alle valsheid en kwaad agter ons – ons staak dit om te steel, ons begin eerder om ons besittings te deel. As liggaam van Christus bou ons mekaar op met ons woorde; ons breek mekaar nie af nie. As beelddraers van die Een wat ons vergewe het, vergewe ons mekaar. Ons wandel in liefde, ons lê ons lewens af vir mekaar: in kort – ons word nabootsers van Christus. Dit alles is alleenlik moontlik indien ons leef met die hoop op 'n heerlike erfenis. Dan gee ons, eerder as om te ontvang, want ons is

kinders van die Een wat homself volledig gegee het sodat ons die ewige lewe in Hom kon ontvang. Ons kan alleen as erfgename lewe as ons vreugdevol vertrou op ons erfenis.

Jesus het gesê dat ons dit in hierdie wêreld swaar sal hê. Ons sal lyding verduur. Waarom sou ons dan, as nabootsers van Christus, probeer om die kruis te vermy en nou reeds ons kroon opeis? Alleen as ons met Hom ly, sal ons ook met Hom verheerlik word, met 'n heerlijkheid wat ons huidige swaarkry verreweg oortref. As ons in Christus glo, sal ons Hom volg. Ons sal alles as waardeloos beskou in vergelyking met die allesoortreffende vreugde om Hom te kan ken.

Alleen wanneer ons kinders van God is, en daarom mede-erfgename in Christus, kan ons ons lewe in eenvoud en alle godsvrug leef, selfs in hierdie tyd van selfsugtige oordad en goddelose gierigheid. Ons kan in die skadu van die kruis lewe, want ons leef tegelyk ook in die lig van die kroon wat vir ons wag. Terwyl hartseer en smart, swaarkry en vervolging ons lot mag wees omdat ons aan Christus behoort, moet die opstandingsvreugde op grond van die vaste hoop in Christus ook die kerk van Christus se lewe kenmerk. Dit is ons roeping om die lig in die donker te laat skyn. Vreugde te midde van die gebroke wêreld getuig van hoop. Hoop in 'n hopelose wêreld getuig van God. En hulle wat van Hom hoor mag daardeur beweeg word om die naam van God aan te roep en verlos te word. Laat ons lewe as erfgename van die heerlijkheid ter wille van hulle wat nog in die duister lewe. Tot eer van sy heerlijkheid!

(Ds Deborah Murley, St James Church of England in SA)